**Inability to conduct customer due diligence**

**21E.** If an accountable institution is unable to—

*(a)* establish and verify the identity of a client or other relevant person in accordance with section 21 or 21B;
*(b)* obtain the information contemplated in section 21A; or
*(c)* conduct ongoing due diligence as contemplated in section 21C,

the institution—

(i) may not establish a business relationship or conclude a single transaction with a client;
(ii) may not conclude a transaction in the course of a business relationship, or perform any act to give effect to a single transaction; or
(iii) must terminate, in accordance with its Risk Management and Compliance Programme, an existing business relationship with a client,

as the case may be, and consider making a report under section 29 of this Act.

**Foreign prominent public official**

**21F.** If an accountable institution determines in accordance with its Risk Management and Compliance Programme that a prospective client with whom it engages to establish a business relationship, or the beneficial owner of that prospective client, is a foreign prominent public official, the institution must—

*(a)* obtain senior management approval for establishing the business relationship;
*(b)* take reasonable measures to establish the source of wealth and source of funds of the client; and
*(c)* conduct enhanced ongoing monitoring of the business relationship.

**Domestic prominent influential person**

**21G.** If an accountable institution determines that a prospective client with whom it engages to establish a business relationship, or the beneficial owner of that prospective client, is a domestic prominent influential person

17

**Voortgesette omsigtigheid**

**21C.** 'n Verantwoordingspligtige instelling moet, ooreenkomstig sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram, voortgesette omsigtigheid ten opsigte van 'n sakeverhouding uitvoer, wat insluit—

*(a)* monitering van transaksies deur die loop van die verhouding, met inbegrip van, waar nodig—
   (i) die bron van fondse, om te verseker dat die transaksies bestaanbaar is met die verantwoordingspligtige instelling se kennis van die kliënt en die kliënt se sake- en risikoprofiel; en
   (ii) die agtergrond en doel van alle ingewikkelde, ongewoon groot transaksies, en alle ongewone patrone van transaksies, wat geen waarneembare sake- of wettige doel het nie; en

*(b)* om inligting wat verkry is met die doel om die identiteite van kliënte ingevolge artikel 21, 21A en 21B van hierdie Wet vas te stel, bygewerk te hou.

**Twyfel oor geloofwaardigheid van inligting wat voorheen verkry is**

**21D.** Wanneer 'n verantwoordingspligtige instelling, na die sluit van 'n enkeltransaksie of die aangaan van 'n sakeverhouding, twyfel oor die betroubaarheid of genoegsaamheid van inligting wat voorheen verkry is wat die instelling moet verifieer soos in artikels 21 en 21B beoog, moet die instelling die stappe in artikels 21 en 21B beoog, ooreenkomstig sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram en tot die mate nodig om die betrokke inligting te bevestig, herhaal.

**Onvermoë om klante-omsigtigheid uit te voer**

**21E.** Indien 'n verantwoordingspligtige instelling nie in staat is om—

*(a)* die identiteit van 'n kliënt of ander tersaaklike persoon ooreenkomstig artikel 21 of 21B vas te stel of te verifieer nie;

*(b)* die inligting in artikel 21A beoog, te verkry nie; of

*(c)* voortgesette omsigtigheid soos beoog in artikel 21C te verrig nie—
   (i) kan die instelling nie 'n sakeverhouding aangaan of 'n enkeltransaksie met 'n kliënt sluit nie;
   (ii) kan die instelling nie 'n transaksie in die loop van 'n sakeverhouding sluit nie, of enige handeling verrig om gevolg aan 'n enkeltransaksie te gee nie; of
   (iii) moet die instelling, ooreenkomstig sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram, 'n bestaande sakeverhouding met 'n kliënt beëindig,

na gelang van die geval, en oorweeg om 'n verslag kragtens artikel 29 van hierdie Wet te doen.

**Buitelandse-vooraanstaande-openbare-beampte**

**21F.** Indien 'n verantwoordingspligtige instelling ooreenkomstig sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram vasstel dat 'n voornemende kliënt waarmee hy 'n sakeverhouding sluit, of die uiteindelik geregtigde van daardie voornemende kliënt, 'n buitelandse-vooraanstaande-openbare-beampte is, moet die instelling—

*(a)* senior bestuur se goedkeuring verkry om die sakeverhouding aan te gaan;

*(b)* redelike stappe doen om die bron van rykdom en bron van fondse van die kliënt vas te stel; en

*(c)* verbeterde voortgesette monitering van die sakeverhouding doen.

**Binnelandse-vooraanstaande-invloedryke-persoon**

**21G.** Indien 'n verantwoordingspligtige instelling vasstel dat 'n voornemende kliënt met wie hy onderhandel om 'n sakeverhouding aan te gaan, of die uiteindelik geregtigde van daardie voornemende kliënt, 'n binnelandse-vooraanstaande-invloedryke-persoon is en dat, ooreenkomstig

and that, in accordance with its Risk Management and Compliance Programme, the prospective business relationship entails higher risk, the institution must—

*(a)* obtain senior management approval for establishing the business relationship;
*(b)* take reasonable measures to establish the source of wealth and source of funds of the client; and
*(c)* conduct enhanced ongoing monitoring of the business relationship.

**Family members and known close associates**

**21H.** (1) Sections 21F and 21G apply to immediate family members and known close associates of a person in a foreign or domestic prominent position, as the case may be.

(2) For the purposes of subsection (1), an immediate family member includes—

*(a)* the spouse, civil partner or life partner;
*(b)* the previous spouse, civil partner or life partner, if applicable;
*(c)* children and step children and their spouse, civil partner or life partner;
*(d)* parents; and
*(e)* sibling and step sibling and their spouse, civil partner or life partner.''.

**Substitution of section 22 of Act 38 of 2001**

**11.** The following section is hereby substituted for section 22 of the principal Act:

''**Obligation to keep customer due diligence records**

**22.** (1) When an accountable institution is required to obtain information pertaining to a client or prospective client pursuant to sections 21 to 21H the institution must keep a record of that information.

(2) Without limiting subsection (1), the records must—

*(a)* include copies of, or references to, information provided to or obtained by the accountable institution to verify a person's identity; and
*(b)* in the case of a business relationship, reflect the information obtained by the accountable institution under section 21A concerning—
  (i) the nature of the business relationship;
  (ii) the intended purpose of the business relationship; and
  (iii) the source of the funds which the prospective client is expected to use in concluding transactions in the course of the business relationship.''.

**Insertion of section 22A in Act 38 of 2001**

**12.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 22:

''**Obligation to keep transaction records**

**22A.** (1) An accountable institution must keep a record of every transaction, whether the transaction is a single transaction or concluded in the course of a business relationship which that accountable institution has with the client, that are reasonably necessary to enable that transaction to be readily reconstructed.

(2) Without limiting subsection (1), records must reflect the following information:

*(a)* The amount involved and the currency in which it was denominated;
*(b)* the date on which the transaction was concluded;
*(c)* the parties to the transaction;
*(d)* the nature of the transaction;
*(e)* business correspondence; and

sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram, die voorgenome sakeverhouding groter risiko behels, moet die instelling—
*(a)* senior bestuur se goedkeuring vir die aangaan van die sakeverhouding verkry;
*(b)* redelike stappe doen om die bron van rykdom en bron van fondse van die kliënt vas te stel; en
*(c)* verbeterde voortgesette monitering van die sakeverhouding doen.

**Gesinslede en bekende nabye vennote**

**21H.** (1) Artikels 21F en 21G is van toepassing op die gesinslede en bekende nabye vennote van 'n persoon in 'n buitelandse of binnelandse vooraanstaande posisie, na gelang van die geval.

(2) By die toepassing van subartikel (1), is 'n gesinslid ook—
*(a)* die gade, burgerlike lewensmaat of lewensmaat;
*(b)* die vorige gade, burgerlike lewensmaat of lewensmaat, indien van toepassing;
*(c)* kinders en stiefkinders en hul gade, burgerlike lewensmaat of lewensmaat;
*(d)* ouers; en
*(e)* broer of suster en stiefbroer of stiefsuster en hul gade, burgerlike lewensmaat of lewensmaat.''.

**Vervanging van artikel 22 van Wet 38 van 2001**

**11.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Verpligting om klante-omsigtigheidrekords te hou**

**22.** (1) Wanneer 'n verantwoordingspligtige instelling na aanleiding van artikels 21 tot 21H inligting oor 'n kliënt of voornemende kliënt moet kry, moet die instelling 'n rekord van daardie inligting hou.

(2) Sonder om subartikel (1) te beperk, moet die rekords—
*(a)* afskrifte van, of verwysings na, inligting insluit wat aan die verantwoordingspligtige instelling voorsien is of deur hom verkry is om 'n persoon se identiteit te verifieer; en
*(b)* in die geval van 'n sakeverhouding, die inligting weergee wat die verantwoordingspligtige instelling kragtens artikel 21A verkry het aangaande—
(i) die aard van die sakeverhouding;
(ii) die voorgenome doel van die sakeverhouding; en
(iii) die bron van die fondse wat die voornemende kliënt na verwagting gaan gebruik om transaksies in die loop van die sakeverhouding te beklink.''.

**Invoeging van artikel 22A in Wet 38 van 2001**

**12.** Die volgende artikel word hierby na artikel 22 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Verpligting om transaksierekords te hou**

**22A.** (1) 'n Verantwoordingspligtige instelling moet 'n rekord van elke transaksie hou, hetsy die transaksie 'n enkeltransaksie is of in die loop van 'n sakeverhouding gesluit is wat daardie verantwoordingspligtige instelling met die kliënt het, wat redelik nodig is sodat daardie transaksie geredelik hersaamgestel kan word.

(2) Sonder om subartikel (1) te beperk, moet rekords die volgende inligting weergee:
*(a)* Die betrokke bedrag en die geldeenheid waarin dit gedenomineer is;
*(b)* die datum waarop die transaksie aangegaan is;
*(c)* die partye tot die transaksie;
*(d)* die aard van die transaksie;
*(e)* sakekorrespondensie; en

*(f)* if an accountable institution provides account facilities to its clients, the identifying particulars of all accounts and the account files at the accountable institution that are related to the transaction.''.

**Substitution of section 23 of Act 38 of 2001**

**13.** The following section is hereby substituted for section 23 of the principal Act:

''**Period for which records must be kept**

**23.** An accountable institution must keep the records **[referred to in section 22]** which relate to—

*(a)* the establishment of a business relationship referred to in section 22, for at least five years from the date on which the business relationship is terminated;

*(b)* a transaction referred to in section 22A which is concluded, for at least five years from the date on which that transaction is concluded; and

*(c)* a transaction or activity which gave rise to a report contemplated in section 29, for at least five years from the date on which the report was submitted to the Centre.''.

**Substitution of section 24 of Act 38 of 2001**

**14.** The following section is hereby substituted for section 24 of the principal Act:

''**Records may be kept in electronic form and by third parties**

**24.** (1) The duties imposed by **[section]** sections 22 and 22A on an accountable institution to keep a record of the matters specified in **[that section]** those sections may be performed by a third party on behalf of the accountable institution as long as the accountable institution has free and easy access to the records and the records are readily available to the Centre and the relevant supervisory body for the purposes of performing its functions in terms of this Act.

(2) If a third party referred to in subsection (1) fails to properly comply with the requirements of **[section]** sections 22 and 22A on behalf of the accountable institution concerned, the accountable institution is liable for that failure.

(3) If an accountable institution appoints a third party to perform the duties imposed on it by **[section]** sections 22 and 22A, the accountable institution must forthwith provide the Centre and the supervisory body concerned with the prescribed particulars regarding the third party.

(4) Records kept in terms of sections 22 and 22A may be kept in electronic form and must be capable of being reproduced in a legible format.''.

**Substitution of section 25 of Act 38 of 2001**

**15.** The following section is hereby substituted for section 25 of the principal Act:

''**Admissibility of records**

**25.** A record kept in terms of section 22, 22A or **[section]** 24, or a certified extract of any such record, or a certified print-out of any extract of an electronic record, is on its mere production in a matter before a court admissible as evidence of any fact contained in it of which direct oral evidence would be admissible.''.

*(f)* as 'n verantwoordingspligtige instelling rekeningsfasiliteite aan sy kliënte voorsien, die identifiserende besonderhede van alle rekeninge en die rekeningslêers by die verantwoordingspligtige instelling wat met die transaksie verband hou.''.

**Vervanging van artikel 23 van Wet 38 van 2001**

**13.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Tydperk waarvoor rekords gehou moet word**

**23.** 'n Verantwoordingspligtige instelling moet die rekords **[in artikel 22 bedoel]** wat verband hou met—

*(a)* die aangaan van 'n sakeverhouding in artikel 22 bedoel, hou vir minstens vyf jaar vanaf die datum waarop die sakeverhouding beëindig word;

*(b)* 'n transaksie in artikel 22A bedoel wat gesluit word, hou vir minstens vyf jaar vanaf die datum waarop daardie transaksie gesluit word; en

*(c)* 'n transaksie of aktiwiteit wat aanleiding gegee het tot 'n verslag in artikel 29 beoog, vir minstens vyf jaar vanaf die datum waarop die verslag aan die Sentrum voorgelê is, hou.''.

**Vervanging van artikel 24 van Wet 38 van 2001**

**14.** Artikel 24 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Rekords kan in elektroniese formaat en deur derde partye gehou word**

**24.** (1) Die pligte wat by **[artikel]** artikels 22 en 22A aan 'n verantwoordingspligtige instelling opgelê word om 'n rekord te hou van die aangeleenthede in daardie **[artikel]** artikels vermeld, kan deur 'n derde party ten behoewe van die verantwoordingspligtige instelling uitgevoer word, mits die verantwoordingspligtige instelling vrye en maklike toegang tot die rekords het en die rekords geredelik aan die Sentrum en die tersaaklike toesighoudende liggaam beskikbaar is vir die uitvoering van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet.

(2) Indien 'n derde party bedoel in subartikel (1) versuim om die vereistes van **[artikel]** artikels 22 en 22A behoorlik ten behoewe van die betrokke verantwoordingspligtige instelling na te kom, is die verantwoordingspligtige instelling aanspreeklik vir daardie versuim.

(3) Indien 'n verantwoordingspligtige instelling 'n derde party aanstel om die pligte by **[artikel]** artikels 22 en 22A aan hom opgelê, uit te voer, moet die verantwoordingspligtige instelling die Sentrum en die betrokke toesighoudende liggaam onverwyld van die voorgeskrewe besonderhede aangaande die derde party voorsien.

(4) Rekords ingevolge artikels 22 en 22A gehou kan in elektroniese formaat gehou word en moet in 'n leesbare formaat gedupliseer kan word.''.

**Vervanging van artikel 25 van Wet 38 van 2001**

**15.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Toelaatbaarheid van rekords**

**25.** 'n Rekord wat ingevolge artikel 22, 22A of **[artikel]** 24 gehou word, of 'n gesertifiseerde uittreksel uit enige sodanige rekord, of 'n gesertifiseerde drukstuk van 'n uittreksel uit 'n elektroniese rekord, is by die blote voorlegging daarvan in 'n saak voor 'n hof toelaatbaar as getuienis van 'n feit vervat daarin waarvan regstreekse mondelinge getuienis toelaatbaar sou wees.''.

**Repeal of section 26 of Act 38 of 2001, as amended by section 7 of Act 11 of 2008**

**16.** Section 26 of the principal Act is hereby repealed.

**Insertion of Part 2A and sections 26A, 26B and 26C in Act 38 of 2001**

**17.** The following heading and sections are hereby inserted in the principal Act after section 26:

"***Part 2A***

***Financial sanctions***

**Notification of persons and entities identified by Security Council of the United Nations**

**26A.** (1) Upon the adoption of a resolution by the Security Council of the United Nations under Chapter VII of the Charter of the United Nations, providing for financial sanctions which entail the identification of persons or entities against whom member states of the United Nations must take the actions specified in the resolution, the Minister must announce the adoption of the resolution by notice in the *Gazette* and other appropriate means of publication.

(2) This section does not apply to resolutions of the Security Council of the United Nations contemplated in section 25 of the Protection of Constitutional Democracy against Terrorist and Related Activities Act, 2004 (Act No. 33 of 2004).

(3) Following a notice contemplated in subsection (1) the Director must, from time to time and by appropriate means of publication, give notice of—

*(a)* persons and entities being identified by the Security Council of the United Nations pursuant to a resolution contemplated in subsection (1); and

*(b)* a decision of the Security Council of the United Nations to no longer apply a resolution contemplated in subsection (1) to previously identified persons or entities.

(4) The Minister may revoke a notice contemplated in subsection (1) if the Minister is satisfied that the notice is no longer necessary to give effect to financial sanctions in terms of a resolution contemplated in subsection (1).

**Prohibitions relating to persons and entities identified by Security Council of the United Nations**

**26B.** (1) No person may, directly or indirectly, in whole or in part, and by any means or method—

*(a)* acquire, collect, use, possess or own property;

*(b)* provide or make available, or invite a person to provide or make available property;

*(c)* provide or make available, or invite a person to provide or make available any financial or other service;

*(d)* provide or make available, or invite a person to provide or make available economic support; or

*(e)* facilitate the acquisition, collection, use or provision of property, or the provision of any financial or other service, or the provision of economic support,

intending that the property, financial or other service or economic support, as the case may be, be used, or while the person knows or ought reasonably to have known or suspected that the property, service or support concerned will be used, directly or indirectly, in whole or in part, for the benefit of, or

**Herroeping van artikel 26 van Wet 38 van 2001, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 11 van 2008**

**16.** Artikel 26 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Invoeging van Deel 2A en artikels 26A, 26B en 26C in Wet 38 van 2001**

**17.** Die volgende opskrif en artikels word hierby na artikel 26 in die Hoofwet ingevoeg:

"*Deel 2A*

*Finansiële sanksies*

**Kennisgewing van persone en entiteite deur Veiligheidsraad van Verenigde Nasies geïdentifiseer**

**26A.** (1) By die deurvoer van 'n resolusie deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies kragtens Hoofstuk VII van die Handves van die Verenigde Nasies, wat vir finansiële sanksies voorsiening maak wat die identifikasie behels van persone of entiteite teen wie lidstate van die Verenigde Nasies die stappe in die resolusie vermeld, moet instel, moet die Minister die deurvoer van die resolusie by kennisgewing in die *Staatskoerant* en ander gepaste publikasiemiddels, aankondig.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op die resolusies van die Veiligheidsraad beoog in artikel 25 van die Wet op Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite, 2004 (Wet No. 33 van 2004).

(3) Na aanleiding van 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel, moet die Direkteur, van tyd tot tyd en deur gepaste publikasiemiddels, kennis gee van—

*(a)* persone en entiteite wat deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies geïdentifiseer word ingevolge 'n resolusie in subartikel (1) beoog; en
*(b)* 'n besluit van die Veiligheidsraad om nie 'n resolusie in subartikel (1) beoog op persone of entiteite wat voorheen geïdentifiseer is, toe te pas nie.

(4) Die Minister kan 'n kennisgewing beoog in subartikel (1) intrek indien die Minister oortuig is dat die kennisgewing nie meer nodig is om gevolg te gee aan finansiële sanksies ingevolge 'n resolusie in subartikel (1) beoog nie.

**Verbodsbepalings aangaande persone en entiteite deur Veiligheidsraad van Verenigde Nasies geïdentifiseer**

**26B.** (1) Geen persoon mag, regstreeks of onregstreeks, in die geheel of gedeeltelik, en by enige wyse of metode—

*(a)* eiendom verkry, versamel, gebruik of besit nie;
*(b)* eiendom voorsien of beskikbaar stel, of 'n persoon nooi om eiendom te voorsien of beskikbaar te stel nie;
*(c)* enige finansiële of ander diens voorsien of beskikbaar stel, of 'n persoon nooi om 'n finansiële of ander diens te voorsien of beskikbaar te stel nie;
*(d)* ekonomiese ondersteuning voorsien of beskikbaar stel of 'n persoon nooi om ekonomiese ondersteuning te voorsien of beskikbaar te stel nie; of
*(e)* die verkryging, versameling, gebruik of voorsiening van eiendom, of die voorsiening van enige finansiële of ander diens, of die voorsiening van ekonomiese ondersteuning, vergemaklik nie,

met die voorneme dat die eiendom, finansiële of ander diens of ekonomiese ondersteuning, na gelang van die geval, gebruik word, of terwyl die persoon weet of redelikerwys moes geweet of vermoed het dat die betrokke eiendom, diens of ondersteuning gebruik sou word, regstreeks of

on behalf of, or at the direction of, or under the control of a person or an entity identified pursuant to a resolution of the Security Council of the United Nations contemplated in a notice referred to in section 26A(1).

(2) No person may, directly or indirectly, in whole or in part, and by any means or method deal with, enter into or facilitate any transaction or perform any other act in connection with property which such person knows or ought reasonably to have known or suspected to have been acquired, collected, used, possessed, owned or provided for the benefit of, or on behalf of, or at the direction of, or under the control of a person or an entity identified pursuant to a resolution of the Security Council of the United Nations contemplated in a notice referred to in section 26A(1).

(3) No person who knows or ought reasonably to have known or suspected that property is property referred to in subsection (1), may enter into, or become concerned in, an arrangement which in any way has or is likely to have the effect of—

*(a)* making it possible for a person or an entity identified pursuant to a resolution of the Security Council of the United Nations contemplated in a notice referred to in section 26A(1) to retain or control the property;

*(b)* converting the property;

*(c)* concealing or disguising the nature, source, location, disposition or movement of the property, the ownership thereof or any interest anyone may have therein;

*(d)* removing the property from a jurisdiction; or

*(e)* transferring the property to a nominee.

**Permitted financial services and dealing with property**

**26C.** (1) The Minister may, in writing and on the conditions as he or she considers appropriate and in accordance with a resolution of the Security Council of the United Nations contemplated in a notice referred to in section 26A(1), permit a person to conduct financial services or deal with property referred to in section 26B in the circumstances referred to in subsection (2).

(2) The Minister may permit the provision of financial services or the dealing with property if it is necessary to—

*(a)* provide for basic expenses, including, at least—

(i) foodstuffs;

(ii) rent or mortgage;

(iii) medicines or medical treatment;

(iv) taxes;

(v) insurance premiums;

(vi) public utility charges;

(vii) maintenance orders;

(viii) reasonable professional fees, and

(ix) reimbursement of expenses associated with the provision of legal services;

*(b)* satisfy a judgment or arbitral award that was made before the date on which the person or entity was identified by the Security Council of the United Nations;

*(c)* make a payment to a third party which is due under a contract, agreement or other obligation made before the date on which the person or entity was identified by the Security Council of the United Nations;

*(d)* accrue interest or other earnings due on accounts holding property affected by a prohibition under section 26B;

*(e)* make a payment due to a person or entity affected by a prohibition under section 26B by virtue of a contract, agreement or other obligation made before the date on which the person or entity was identified by the Security Council of the United Nations: Provided that the payment is not directly or indirectly being received by that person or entity.

onregstreeks, in geheel of gedeeltelik, tot voordeel van, of ten behoewe van, of in opdrag van, of onder die beheer van 'n persoon of 'n entiteit geïdentifiseer ingevolge 'n resolusie van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies bedoel in 'n kennisgewing in artikel 26A(1) beoog.

(2) Geen persoon mag, regstreeks of onregstreeks, in die geheel of gedeeltelik, en op enige wyse of metode 'n transaksie aangaan of vergemaklik of enige ander handeling verrig nie in verband met eiendom wat daardie persoon weet of redelikerwys moes geweet of vermoed het verkry, versamel, gebruik, besit of voorsien is ten bate van, of ten behoewe van, of in opdrag van, of onder die beheer van 'n persoon of 'n entiteit geïdentifiseer ingevolge 'n resolusie van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies in 'n kennisgewing in artikel 26A(1) bedoel.

(3) Geen persoon wat weet of redelikerwys moes geweet het of vermoed het dat eiendom in subartikel (1) bedoelde eiendom is, mag 'n reëling tref nie, of aangaan nie, of betrokke raak by nie, wat op enige wyse of waarskynlik die uitwerking het dat—

*(a)* dit vir 'n persoon of entiteit ingevolge 'n resolusie van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies beoog in 'n kennisgewing in artikel 26A(1) bedoel, moontlik maak om die eiendom te behou of te beheer;
*(b)* die eiendom omgeskakel word;
*(c)* die aard, bron, ligging, opstelling of beweging van die eiendom, eienaarskap daarvan of enige belang wat enigiemand daarin het, verberg of verbloem word;
*(d)* die eiendom uit 'n regsgebied verwyder word; of
*(e)* die eiendom na 'n benoemde oorgedra word.

**Toegelate finansiële dienste en hantering van eiendom**

**26C.** (1) Die Minister kan, op skrif en op die voorwaardes wat hy of sy gepas ag en ooreenkomstig 'n resolusie van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies beoog in 'n kennisgewing in artikel 26A(1) bedoel, 'n persoon toelaat om finansiële dienste te lewer of eiendom in artikel 26B bedoel te hanteer in die omstandighede in subartikel (2) bedoel.

(2) Die Minister kan die voorsiening van finansiële dienste of die hantering van eiendom toelaat indien dit nodig is om—

*(a)* vir basiese uitgawes voorsiening te maak, met inbegrip van ten minste—
  (i) voedsel;
  (ii) huur of verband;
  (iii) medisynes of mediese behandeling;
  (iv) belasting;
  (v) versekeringspremies;
  (vi) nutsbedryfheffings;
  (vii) onderhoudsbevele;
  (viii) redelike professionele gelde; en
  (ix) terugbetaling van uitgawes wat met die voorsiening van regsdienste gepaard gaan;
*(b)* 'n beslissing of arbitertoekenning te vervul wat gemaak is voor die datum waarop die persoon of entiteit deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies geïdentifiseer is;
*(c)* aan 'n derde party 'n betaling te maak wat verskuldig is kragtens 'n kontrak, ooreenkoms of ander verpligting aangegaan voor die datum waarop die persoon of entiteit deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies geïdentifiseer is;
*(d)* rente of ander verdienste laat oploop verskuldig op rekeninge wat eiendom hou wat deur 'n verbod kragtens artikel 26B geraak word;
*(e)* 'n betaling verskuldig aan 'n persoon of entiteit geraak deur 'n verbod kragtens artikel 26B uit hoofde van 'n kontrak, ooreenkoms of ander verpligting aangegaan voor die datum waarop die persoon of entiteit deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies geïdentifiseer is, te maak: Met dien verstande dat die betaling nie regstreeks of onregstreeks deur daardie persoon of entiteit ontvang word nie.

(3) The Minister may permit the provision of financial services or the dealing with property under subsection (1) on his or her own initiative or at the request of a person affected by a prohibition under section 26B.

(4) The Director must, by appropriate means of publication, give notice of the Minister's permission of the provision of financial services or the dealing with property under subsection (1).

(5) *(a)* The Minister may, in writing, delegate any power conferred in terms of this section, to the Director.

*(b)* A delegation in terms of paragraph *(a)*—

(i) is subject to any limitations or conditions that the Minister may impose;

(ii) does not divest the Minister of the responsibility concerning the exercise of the delegated power or the performance of the assigned duty.

*(c)* The Minister may vary or revoke any decision taken by the Director as a result of a delegation in terms of paragraph *(a)*, subject to any rights that may have vested as a consequence of the decision.''.

**Amendment of section 27 of Act 38 of 2001**

**18.** The following section is hereby substituted for section 27 of the principal Act:

''**Accountable institutions, reporting institutions and persons subject to reporting obligations to advise Centre of clients**

**27.** If an authorised representative of the Centre requests an accountable institution, a reporting institution or a person that is required to make a report in terms of section 29 of this Act to advise **[whether]**—

*(a)* whether a specified person is or has been a client of the accountable institution, reporting institution or person;

*(b)* whether a specified person is acting or has acted on behalf of any client of the accountable institution, reporting institution or person; **[or]**

*(c)* whether a client of the accountable institution, reporting institution or person is acting or has acted for a specified person;

*(d)* whether a number specified by the Centre was allocated by the accountable institution, reporting institution or person to a person with whom the accountable institution, reporting institution or person has or has had a business relationship; or

*(e)* on the type and status of a business relationship with a client of the accountable institution, reporting institution or person,

the accountable institution, reporting institution or person must inform the Centre accordingly.''.

**Insertion of section 27A in Act 38 of 2001**

**19.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 27:

''**Powers of access by authorised representative to records in respect of reports required to be submitted to Centre**

**27A.** (1) Subject to subsection (2), an authorised representative of the Centre has access during ordinary working hours to any records kept by or on behalf of an accountable institution in terms of section 22, 22A or 24, and may examine, make extracts from or copies of, any such records for the purposes of obtaining further information in respect of a report made or ought to be made in terms of section 28, 28A, 29, 30 (1) or 31.

(3) Die Minister kan uit eie beweging of op versoek van 'n persoon geraak deur 'n verbod kragtens artikel 26B, die voorsiening van finansiële dienste of die hantering van eiendom kragtens subartikel (1), toelaat.

(4) Die Direkteur moet, deur gepaste publikasiemiddels, kennis gee van die Minister se toestemming vir die voorsiening van finansiële dienste of die hantering van eiendom kragtens subartikel (1).

(5) *(a)* Die Minister kan enige bevoegdheid ingevolge hierdie artikel opgelê, skriftelik aan die Direkteur delegeer.

*(b)* 'n Delegering ingevolge paragraaf *(a)*—

(i) is onderhewig aan enige beperkings of voorwaardes wat die Minister kan oplê;

(ii) ontdoen nie die Minister van die verantwoordelikheid aangaande die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die verrigting van die aangewese plig nie.

*(c)* Die Minister kan 'n besluit deur die Direkteur geneem na aanleiding van 'n delegering ingevolge paragraaf *(a)*, wysig of terugtrek, behoudens enige regte wat as gevolg van die besluit gevestig is.".

**Wysiging van artikel 27 van Wet 38 van 2001**

**18.** Artikel 27 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Verantwoordingspligtige instellings, verslagdoeningsinstellings en persone onderhewig aan verslagdoeningsverpligtings moet Sentrum oor kliënte inlig**

**27.** Indien 'n gemagtigde verteenwoordiger van die Sentrum 'n verantwoordingspligtige instelling, 'n verslagdoeningsinstelling of 'n persoon van wie vereis word om verslag te doen ingevolge artikel 29 van hierdie Wet versoek om inligting te gee **[daaroor of]**—

*(a)* hetsy 'n vermelde persoon 'n kliënt van die verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon is of was;

*(b)* hetsy 'n vermelde persoon ten behoewe van enige kliënt van die verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon optree of opgetree het; **[of]**

*(c)* hetsy 'n kliënt van die verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon vir 'n vermelde persoon optree of opgetree het;

*(d)* hetsy 'n nommer deur die Sentrum vermeld deur die verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon toegeken is aan 'n persoon met wie die verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon 'n sakeverhouding het of gehad het; of

*(e)* oor die tipe en status van 'n sakeverhouding met 'n kliënt van die rekenpligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon,

moet die verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon die Sentrum dienooreenkomstig inlig.".

**Invoeging van artikel 27A in Wet 38 van 2001**

**19.** Die volgende artikel word hierby na artikel 27 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Toegangsbevoegdhede deur gemagtigde verteenwoordiger tot rekords ten opsigte van verslae wat aan Sentrum voorgelê moet word**

**27A.** (1) Behoudens subartikel (2), het 'n gemagtigde verteenwoordiger van die Sentrum tydens gewone werksure toegang tot enige rekords wat ingevolge artikel 22, 22A of 24 deur of namens 'n verantwoordingspligtige instelling gehou word, en kan enige sodanige rekords bestudeer, uittreksels daaruit maak of afskrifte daarvan maak met die doel om meer inligting te kry ten opsigte van 'n verslag wat ingevolge artikel 28, 28A, 29, 30(1) of 31 gemaak is of gemaak behoort te word.

(2) The authorised representative of the Centre may, except in the case of records which the public is entitled to have access to, exercise the powers mentioned in subsection (1) only by virtue of a warrant issued in chambers by a magistrate or regional magistrate or judge of an area of jurisdiction within which the records or any of them are kept, or within which the accountable institution conducts business.

(3) A warrant may only be issued if it appears to the judge, magistrate or regional magistrate from information on oath or affirmation that there are reasonable grounds to believe that the records referred to in subsection (1) may assist the Centre to identify the proceeds of unlawful activities or to combat money laundering activities or the financing of terrorist and related activities.

(4) A warrant issued in terms of this section may contain such conditions regarding access to the relevant records as the judge, magistrate or regional magistrate considers appropriate.

(5) An accountable institution must without delay give to an authorised representative of the Centre all reasonable assistance necessary to enable that representative to exercise the powers mentioned in subsection (1).''.

**Amendment of section 28A of Act 38 of 2001, as inserted by section 27 of Act 33 of 2004**

**20.** Section 28A of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

''**Property associated with terrorist and related activities and financial sanctions pursuant to Resolutions of United Nations Security Council**'';

*(b)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) An accountable institution which has in its possession or under its control property owned or controlled by or on behalf of, or at the direction of—

*(a)* any entity which has committed, or attempted to commit, or facilitated the commission of a specified offence as defined in the Protection of Constitutional Democracy against Terrorist and Related Activities Act, 2004; **[or]**

*(b)* a specific entity identified in a notice issued by the President, under section 25 of the Protection of Constitutional Democracy against Terrorist and Related Activities Act, 2004; or

*(c)* a person or an entity identified pursuant to a resolution of the Security Council of the United Nations contemplated in a notice referred to in section 26A(1),

must within the prescribed period report that fact and the prescribed particulars to the Centre.''; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

''(3) An accountable institution must upon—

*(a)* publication of a proclamation by the President under section 25 of the Protection of Constitutional Democracy against Terrorist and Related Activities Act, 2004; or

*(b)* notice being given by the Director under section 26A(3),

scrutinise its information concerning clients with whom the accountable institution has business relationships in order to determine whether any such client is a person or entity mentioned in the proclamation by the President or the notice by the Director.''.

**Amendment of section 29 of Act 38 of 2001, as amended by section 27 of Act 33 of 2004**

**21.** Section 29 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1)*(b)* for subparagraph (iv) of the following subparagraph:

''(iv) may be relevant to the investigation of an evasion or attempted evasion of a duty to pay any tax, duty or levy imposed by

(2) Die gemagtigde verteenwoordiger van die Sentrum kan, behalwe in die geval van rekords waartoe die publiek die reg het om toegang te hê, die bevoegdhede in subartikel (1) genoem slegs uitoefen uit hoofde van 'n lasbrief agter geslote deure uitgereik deur 'n landdros of streekslanddros of regter van 'n regsgebied waarbinne die rekords of enige daarvan gehou word, of waar die verantwoordingspligtige instelling sake doen.

(3) 'n Lasbrief kan slegs uitgereik word as dit vir die regter, landdros of streekslanddros uit inligting onder eed of bevestiging blyk dat daar redelike gronde is om te glo dat die rekords in subartikel (1) bedoel, die Sentrum kan help om die opbrengs van onregmatige aktiwiteite te identifiseer of om geldwassery-aktiwiteite of die finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite te bekamp.

(4) 'n Lasbrief ingevolge hierdie artikel uitgereik kan die voorwaardes vir toegang tot die tersaaklike rekords bevat wat die regter, landdros of streekslanddros gepas ag.

(5) 'n Verantwoordingspligtige instelling moet onverwyld alle redelike bystand aan 'n gemagtigde verteenwoordiger van die Sentrum verleen ten einde daardie verteenwoordiger in staat te stel om die bevoegdhede in subartikel (1) vermeld, uit te oefen.".

**Wysiging van artikel 28A van Wet 38 van 2001, soos ingevoeg deur artikel 27 van Wet 33 van 2004**

**20.** Artikel 28A van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Eiendom geassosieer met terroriste- en verwante aktiwiteite en finansiële sanksies ingevolge resolusies van Verenigde Nasies Veiligheidsraad**";

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Verantwoordingspligtige instelling wat eiendom besit of beheer wat besit of beheer word deur of ten behoewe van—

*(a)* enige entiteit wat 'n gespesifiseerde misdryf ingevolge die Wet op Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite, 2004, gepleeg het, gepoog het om dit te pleeg, of gefasiliteer het; **[of]**

*(b)* 'n spesifieke entiteit geïdentifiseer in 'n kennisgewing deur die President ingevolge artikel 25 van die Wet op Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite, 2004, uitgereik; of

*(c)* 'n persoon of 'n entiteit geïdentifiseer na aanleiding van 'n resolusie van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies beoog in 'n kennisgewing in artikel 26A(1) bedoel,

moet binne die voorgeskrewe tydperk daardie feit en die voorgeskrewe besonderhede aan die Sentrum rapporteer."; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) 'n Verantwoordingspligtige instelling moet by—

*(a)* publikasie van 'n proklamasie deur die President kragtens artikel 25 van die Wet op Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite, 2004; of

*(b)* kennisgewing kragtens artikel 26A(3) deur die Direkteur gegee,

sy inligting oor kliënte met wie die verantwoordingspligtige instelling sakeverhoudings het, bestudeer ten einde vas te stel hetsy so 'n kliënt 'n in die Proklamasie deur die President of die kennisgewing deur die Direkteur vermelde persoon of entiteit is.".

**Wysiging van artikel 29 van Wet 38 van 2001, soos gewysig deur artikel 27 van Wet 33 van 2004**

**21.** Artikel 29 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1)*(b)* subparagraaf (iv) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(iv) tersaaklik kan wees by die ondersoek van 'n ontduiking of poging tot 'n ontduiking van 'n plig om enige belasting, reg of heffing te

legislation administered by the Commissioner for the South African Revenue Service; **[or]**'';

*(b)* by the addition to subsection (1)*(b)* of the following subparagraph:

''(vi) relates to the contravention of a prohibition under section 26B; or.''; and

*(c)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''(3) No person who made or must make a report in terms of this section may, subject to subsection 45B(2A), disclose that fact or any information regarding the contents of any such report to any other person, including the person in respect of whom the report is or must be made, otherwise than—''.

**Amendment to section 32 of Act 38 of 2001**

**22.** Section 32 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) The Centre**[, or an investigating authority acting with the permission of the Centre or under the authority of an authorised officer,]** may request an accountable institution, a reporting institution or any other person that has made a report in terms of section 28, 29 or 31 to furnish the Centre **[or that investigating authority]** with such additional information, including prescribed information relating to transactional activity and supporting documentation, concerning the report and the grounds for the report as the Centre **[or the investigating authority]** may reasonably require for the performance by it of its functions.''; and

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

''(3) When an institution or a person referred to in subsection (2) receives a request under that subsection, that institution or person must furnish the Centre **[without delay]** in the prescribed manner and within the prescribed period with such additional information concerning the report and the grounds for the report as that institution or person may have available.''.

**Amendment to section 34 of Act 38 of 2001, as amended by section 27 of Act 33 of 2004 and section 9 of Act 11 of 2008**

**23.** The following section is hereby substituted for section 34 of the principal Act:

''**Intervention by Centre**

**34.** (1) If the Centre, after consulting an accountable institution, a reporting institution or a person required to make a report in terms of section 28, 28A or 29, has reasonable grounds to suspect that a transaction or a proposed transaction may—

*(a)* involve—

(i) the proceeds of unlawful activities or property which is connected to an offence relating to the financing of terrorist and related activities; or

(ii) property owned or controlled by or on behalf of, or at the direction of a person or entity identified pursuant to a resolution of the Security Council of the United Nations contemplated in a notice referred to in section 26A(1); or

*(b)* **[may]** constitute—

(i) money laundering; or

(ii) a transaction contemplated in section 29(1)*(b)*,

it may direct the accountable institution, reporting institution or person in writing not to proceed with the carrying out of that transaction or proposed transaction or any other transaction in respect of the funds affected by that transaction or proposed transaction for a period **[as may be]** not longer than

betaal wat opgelê is by wetgewing wat deur die Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens geadministreer word; **[of]**";

*(b)* deur die volgende subparagraaf by subartikel (1)*(b)* te voeg:

"(vi) verband hou met die verbreking van 'n verbod kragtens artikel 26B; of"; en

*(c)* deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(3) Geen persoon wat ingevolge hierdie artikel verslag gedoen het of verslag moet doen, mag, behoudens subartikel 45B(2A), daardie feit of enige inligting rakende die inhoud van enige sodanige verslag openbaar maak nie aan enige ander persoon, met inbegrip van die persoon ten opsigte van wie verslag gedoen word of gedoen moet word, behalwe—".

**Wysiging van artikel 32 van Wet 38 van 2001**

**22.** Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Sentrum**[, of 'n ondersoekowerheid wat met die verlof van die Sentrum of onder die gesag van 'n gemagtigde beampte optree,]** kan 'n verantwoordingspligtige instelling, 'n verslagdoeningsinstelling of enige ander persoon wat ingevolge artikel 28, 29 of 31 verslag gedoen het, versoek om die Sentrum **[of daardie ondersoekowerheid]** te voorsien van die bykomende inligting, met inbegrip van voorgeskrewe inligting rakende transaksie-aktiwiteite en ondersteunende dokumente rakende die verslag en die gronde vir die verslag wat die Sentrum **[of die ondersoekowerheid]** redelikerwys nodig kan hê vir die verrigting deur hom van sy werksaamhede."; en

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Wanneer 'n instelling of 'n persoon in subartikel (2) bedoel 'n versoek kragtens daardie subartikel ontvang, moet daardie instelling of persoon die Sentrum **[sonder versuim]** op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk voorsien van die bykomende inligting rakende die verslag en die gronde vir die verslag wat daardie instelling of persoon beskikbaar het.".

**Wysiging van artikel 34 van Wet 38 van 2001, soos gewysig deur artikel 27 van Wet 33 van 2004 en artikel 9 van Wet 11 van 2008**

**23.** Artikel 34 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Ingryping deur Sentrum**

**34.** (1) Indien die Sentrum, na oorleg met 'n verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon van wie vereis word om ingevolge artikel 28, 28A of 29 verslag te doen, redelike gronde het om te vermoed dat 'n transaksie of voorgenome transaksie moontlik—

*(a)* (i) die opbrengs van onregmatige aktiwiteite, of eiendom wat verband hou met 'n misdryf met betrekking tot die finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite;

(ii) eiendom besit of beheer deur of ten behoewe van, of in opdrag van 'n persoon of entiteit geïdentifiseer na aanleiding van 'n resolusie van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies beoog in 'n kennisgewing in artikel 26A(1) bedoel;

kan betrek; of

*(b)* (i) geldwassery; of

(ii) 'n transaksie beoog in artikel 29(1)*(b)*,

kan uitmaak,

kan hy die verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon skriftelik gelas om, vir 'n tydperk van hoogstens 10 dae soos deur die Sentrum bepaal, **[wat nie langer as vyf dae mag wees nie,]** nie voort te gaan met die sluiting van daardie transaksie of voorgenome transaksie of enige ander transaksie ten opsigte van die fondse wat deur daardie

10 days as determined by the Centre, **[which may not be more than five days,]** in order to allow the Centre**[—**

***(a)*]** to make the necessary inquiries concerning the transaction**[;]** and,

**[*(b)*]** if the Centre **[deems]** considers it appropriate, to inform and advise an investigating authority or the National Director of Public Prosecutions.

(2) For the purposes of calculating the period of **[five]** 10 days in subsection (1), Saturdays, Sundays and proclaimed public holidays must not be taken into account.

(3) Subsection (1) does not apply to the carrying out of a transaction to which the rules of an exchange licensed in terms of the **[Securities Services Act, 2004 (Act No. 36 of 2004)]** Financial Markets Act, 2012 (Act No. 19 of 2012), apply.''.

**Substitution of section 35 of Act 38 of 2001, as amended by section 27 of Act 33 of 2004**

**24.** Section 35 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) A judge designated by the Minister of Justice for the purposes of the Regulation of Interception of Communications and Provision of Communication-related Information Act, 2002 (Act No. 70 of 2002), may, upon written application by the Centre, order an accountable institution to report to the Centre, on such terms and in such confidential manner as may be specified in the order, all transactions concluded by a specified person with the accountable institution or all transactions conducted in respect of a specified account or facility at the accountable institution, if there are reasonable grounds to suspect that—

*(a)* that person has transferred or may transfer to the accountable institution—
  (i) the proceeds of unlawful activities;
  (ii) property which is connected to an offence relating to the financing of terrorist and related activities; or
  (iii) property owned or controlled by or on behalf of, or at the direction of a person or entity identified pursuant to a resolution of the Security Council of the United Nations contemplated in a notice referred to in section 26A(1);

*(b)* that account or other facility has received or may receive—
  (i) the proceeds of unlawful activities;
  (ii) property which is connected to an offence relating to the financing of terrorist and related activities; or
  (iii) property owned or controlled by or on behalf of, or at the direction of a person or entity identified pursuant to a resolution of the Security Council of the United Nations contemplated in a notice referred to in section 26A(1);

*(c)* that person is using or may use the accountable institution for money laundering purposes or for the financing of terrorist acts or for the purpose of any transaction contemplated in section 29(1)*(b)*; or

*(d)* that account or other facility is being or may be used for money laundering purposes or for the financing of terrorist or related activities or for the purpose of any transaction contemplated in section 29(1)*(b)*.''.

**Substitution of section 40 of Act 38 of 2001, as amended by section 27 of Act 33 of 2004 and section 13 of Act 11 of 2008**

**25.** The following section is hereby substituted for section 40 of the principal Act:

''**Access to information held by Centre**

**40.** (1) **[No person is entitled to information held by the Centre, except]** Subject to this section, the Centre must make information reported

transaksie of voorgenome transaksie geraak word nie, ten einde die Sentrum in staat te stel**[—**

***(a)*]** om die nodige navrae rakende die transaksie te rig**[;]** en,

**[*(b)*]** om, indien die Sentrum dit gepas ag, 'n ondersoekowerheid of die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings van inligting te voorsien en van raad te dien.

(2) Vir die doeleindes van die berekening van die tydperk van **[vyf]** 10 dae in subartikel (1) word Saterdae, Sondae en afgekondigde openbare vakansiedae nie in aanmerking geneem nie.

(3) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op die sluiting van 'n transaksie waarop die reëls van 'n beurs wat ingevolge die **['Securities Services Act, 2004' (Wet No. 36 van 2004)]** 'Financial Markets Act, 2012' (Wet No. 19 van 2012), van toepassing is.".

**Vervanging van artikel 35 van Wet 38 van 2001, soos gewysig deur artikel 27 van Wet 33 van 2004**

**24.** Artikel 35 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Regter deur die Minister van Justisie aangewys vir die toepassing van die Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting, 2002 (Wet No. 70 van 2002), mag, by skriftelike aansoek deur die Sentrum, 'n verantwoordingspligtige instelling beveel om aan die Sentrum te rapporteer, op sodanige voorwaardes en op sodanige wyse in die bevel vermeld, alle transaksies deur 'n vermelde persoon met die verantwoordingspligtige instelling aangegaan of alle transaksies ten opsigte van 'n vermelde rekening of fasiliteit by die verantwoordingspligtige instelling, indien daar redelike gronde is om te vermoed dat—

*(a)* daardie persoon—
(i) die opbrengs van onregmatige aktiwiteite;
(ii) eiendom wat verband hou met 'n misdryf aangaande die finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite; of
(iii) eiendom besit of beheer deur of ten behoewe van, of in opdrag van 'n persoon of entiteit geïdentifiseer na aanleiding van 'n resolusie van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies beoog in 'n kennisgewing in artikel 26A(1) bedoel,

na die verantwoordingspligtige instelling oorgedra het of kan oordra;

*(b)* daardie rekening of ander fasiliteit—
(i) die opbrengs van onregmatige aktiwiteite;
(ii) eiendom wat verbind is met 'n misdryf in verband met die finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite; of
(iii) eiendom besit of beheer deur of ten behoewe van, of in opdrag van 'n persoon of entiteit geïdentifiseer na aanleiding van 'n resolusie van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies beoog in 'n kennisgewing in artikel 26A(1) bedoel,

ontvang of ontvang het;

*(c)* daardie persoon die verantwoordingspligtige instelling vir geldwassery-doeleindes of vir die finansiering van terroristehandelinge of vir die doel van 'n transaksie in artikel 29(1)*(b)* beoog, gebruik of kan gebruik; of

*(d)* daardie rekening of ander fasiliteit gebruik word of gebruik kan word vir geldwasserydoeleindes of vir die finansiering van terroriste- of verwante aktiwiteite of vir die doel van 'n transaksie in artikel 29(1)*(b)* beoog.".

**Vervanging van artikel 40 van Wet 38 van 2001, soos gewysig deur artikel 27 van Wet 33 van 2004 en artikel 13 van Wet 11 van 2008**

**25.** Artikel 40 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Toegang tot inligting deur Sentrum gehou**

**40.** (1) **[Geen persoon is geregtig op inligting deur die Sentrum gehou nie, behalwe]** Die Sentrum moet, behoudens hierdie artikel, inligting by hom aangemeld, of kragtens hierdie Deel deur hom verkry en inligting

to it, or obtained by it under this Part and information generated by its analysis of information so reported or obtained, available to—

*(a)* an investigating authority **[inside]** in the Republic**[, the South African Revenue Service and the intelligence services, which may be provided with such information—**
 **(i) on the written authority of an authorised officer if the authorised officer reasonably believes such information is required to investigate suspected unlawful activity; or**
 **(ii) at the initiative of the Centre, if the Centre reasonably believes such information is required to investigate suspected unlawful activity]**;

*(a*A*)* the National Prosecuting Authority;

*(a*B*)* the Independent Police Investigative Directorate;

*(a*C*)* an intelligence service;

*(a*D*)* the Intelligence Division of the National Defence Force;

*(a*E*)* a Special Investigating Unit;

*(a*F*)* an investigative division in an organ of state;

*(a*G*)* the Public Protector; or

*(a*H*)* the South African Revenue Service;

*(b)* an entity outside the Republic performing similar functions to those of the Centre, or an investigating authority outside the Republic **[which may, at the initiative of the Centre or on written request, obtain information which the Centre reasonably believes is relevant to the identification of the proceeds of unlawful activities or the combating of money laundering or financing of terrorist and related activities or similar offences in the country in which that entity is established**;

***(c)*** **an accountable institution or reporting institution which or any other person who may, at the initiative of the Centre or on written request, be provided with information regarding the steps taken by the Centre in connection with transactions reported by such accountable institution, reporting institution or person, unless the Centre reasonably believes that disclosure to such accountable institution, reporting institution or person of the information requested could—**
 **(i) inhibit the achievement of the Centre's objectives or the performance of its functions, or the achievement of the objectives or the performance of the functions of another organ of state; or**
 **(ii) prejudice the rights of any person]**;

*(d)* a supervisory body**[, which may at the initiative of the Centre or on written request be provided with information which the Centre reasonably believes is relevant to the exercise by that supervisory body of its powers or performance by it of its functions in relation to an accountable institution]**;

*(e)* a person who is entitled to receive such information in terms of an order of a court; or

*(f)* a person who is entitled to receive such information in terms of other national legislation.

(1A) Information contemplated in subsection (1) may only be made available to an entity referred to in subsection (1)*(a)*, *(a*A*)*, *(a*B*)*, *(a*C*)*, *(a*D*)*, *(a*E*)*, *(a*F*)*, *(a*G*)* or *(a*H*)*—

*(a)* at the initiative of the Centre or at the request of an authorised officer of the entity; and

*(b)* if the Centre reasonably believes such information is required to investigate suspected unlawful activity.

(1B) Information contemplated in subsection (1) may only be made available to an entity or authority referred to in subsection (1)*(b)*—

gegenereer deur sy analise van inligting wat sodanig gerapporteer of verkry is, beskikbaar stel aan—

*(a)* 'n ondersoekowerheid **[binne]** in die Republiek**[, die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en die intelligensiedienste, wat van sodanige inligting voorsien kan word—**
**(i) op skriftelike magtiging van 'n gemagtigde beampte indien die gemagtigde beampte redelikerwys van mening is dat sodanige inligting nodig is om vermeende onregmatige aktiwiteite te ondersoek; of**
**(ii) op inisiatief van die Sentrum, indien die Sentrum redelikerwys van mening is dat sodanige inligting nodig is om vermeende onregmatige aktiwiteite te ondersoek]**;

*(a*A*)* die Nasionale Vervolgingsgesag;
*(a*B*)* die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat;
*(a*C*)* 'n intelligensiediens;
*(a*D*)* die Intelligensie-afdeling van die Nasionale Weermag;
*(a*E*)* 'n Spesiale Ondersoekeenheid;
*(a*F) 'n ondersoekeenheid in 'n staatsorgaan;
*(a*G*)* die Openbare Beskermer; of
*(a*H) die Suid-Afrikaanse Inkomstediens;

*(b)* 'n entiteit buite die Republiek wat werksaamhede soortgelyk aan dié van die Sentrum verrig, of 'n ondersoekowerheid buite die Republiek; **[wat op inisiatief van die Sentrum of op skriftelike versoek inligting kan bekom wat die Sentrum redelikerwys van mening is betrekking het op die identifisering van die opbrengs van onregmatige aktiwiteite of die bekamping van geldwassery-aktiwiteite of finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite of soortgelyke misdrywe in die land waarin daardie entiteit gevestig is;**

***(c)* 'n verantwoordingspligtige instelling of verslagdoeningsinstelling of enige ander persoon wat op inisiatief van die Sentrum of op skriftelike versoek voorsien kan word van inligting rakende die stappe deur die Sentrum gedoen in verband met transaksies wat deur sodanige verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon gerapporteer is, tensy die Sentrum redelikerwys van mening is dat openbaarmaking aan sodanige verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon van die inligting wat versoek is—**
**(i) die bereiking van die Sentrum se oogmerke of die verrigting van sy werksaamhede, of die bereiking van die oogmerke of die verrigting van die werksaamhede van 'n ander staatsorgaan, kan belemmer; of**
**(ii) die regte van enige persoon kan benadeel;]**

*(d)* 'n toesighoudende liggaam**[, wat op die inisiatief van die Sentrum of op skriftelike versoek voorsien kan word van inligting wat die Sentrum redelikerwys van mening is tersaaklik is by die uitoefening deur daardie toesighoudende liggaam van sy bevoegdhede of die verrigting deur hom van sy werksaamhede met betrekking tot 'n verantwoordingspligtige instelling]**;

*(e)* 'n persoon wat ingevolge 'n hofbevel geregtig is om die inligting te ontvang; en

*(f)* 'n persoon wat ingevolge ander nasionale wetgewing geregtig is om die inligting te ontvang.

(1A) Inligting in subartikel (1) beoog kan slegs voorsien word aan 'n entiteit in subartikel (1)*(a)*, *(a*A*)*, *(a*B*)*, *(a*C*)*, *(a*D*)*, *(a*E*)*, *(a*F*)*, *(a*G*)* of *(a*H*)* bedoel—

*(a)* op inisiatief van die Sentrum of op versoek van 'n gemagtigde beampte van die entiteit; en

*(b)* indien die Sentrum redelikerwys oortuig is dat sodanige inligting nodig is om vermoedelike onregmatige aktiwiteite te ondersoek.

(1B) Inligting in subartikel (1) beoog kan slegs beskikbaar gestel word aan 'n entiteit of owerheid in subartikel (1)*(b)* beoog—

*(a)* at the initiative of the Centre or at the request of the entity or authority; and

*(b)* if the Centre reasonably believes such information is relevant to the identification of the proceeds of unlawful activities or the combating of money laundering or financing of terrorist and related activities or similar offences in the country in which the entity or authority is established.

(1C) Information contemplated in subsection (1) may only be made available to a supervisory body referred to in subsection (1)*(d)*—

*(a)* at the initiative of the Centre or at the request of the supervisory body; and

*(b)* if the Centre reasonably believes such information is relevant to the exercise by the supervisory body of its powers or performance by it of its functions under any law.

(2) A request for information contemplated in subsection **[(1)*(b)*, *(c)* or *(d)*]** (1A) or (1C) must be in writing and must specify the **[desired]** required information and the purpose for which the information is required.

(3) The Director may, as a condition to the provision of any information contemplated in subsection (1), make **[such]** the reasonable procedural arrangements and impose **[such]** the reasonable safeguards regarding the furnishing of such information **[referred to in subsection (1)*(a)*, *(b)*, *(c)* or *(d)* as]** that the Director considers appropriate to maintain the confidentiality of that information before the information is provided.

(4) Information **[held by the Centre]** contemplated in subsection (1) may only be provided to an entity or authority referred to in subsection (1)*(b)* pursuant to a written agreement between the Centre and **[such]** the entity or the authority which is responsible for **[that]** the entity or authority, regulating the exchange of information between the Centre and **[such]** the entity or authority.

(5) An agreement referred to in subsection (4) does not—

*(a)* take effect until it has been approved in writing by the Minister;

*(b)* permit the Centre to provide any category of information to the entity or authority in respect of which the agreement is concluded which **[that]** the entity or authority is not permitted to provide to the Centre.

(6) A person who obtains information from the Centre may use that information only—

*(a)* within the scope of that person's powers and duties; and

*(b)* in the case of a request contemplated in subsection (2), for the purpose specified in **[terms of subsection (2)]** that request.

(7) The Centre may make available any information obtained by it during an inspection to an organ of state, a supervisory body, other regulatory authority, self-regulating association or organisation **[that]** which the Centre reasonably believes is affected by or has an interest in that information.

(8) The Centre must make information it holds available to the appropriate National Intelligence Structure, as defined in section 1 of the National Strategic Intelligence Act, 1994 (Act No. 39 of 1994), if it reasonably believes that the information relates to any potential threat or threat to the national security, as defined in section 1 of that Act.

(9) The Centre may, at the initiative of the Centre or on written request, disclose information it holds, other than information contemplated in subsections (1), (7) and (8), to an accountable institution or class of accountable institutions or any other person unless the Centre reasonably believes that the disclosure may—

*(a)* inhibit the achievement of the Centre's objectives or the performance of its functions, or the achievement of the objectives or the performance of the functions of another organ of state; or

*(b)* prejudice the rights of any person.".

*(a)* op inisiatief van die Sentrum of op versoek van die entiteit of owerheid; en

*(b)* indien die Sentrum redelikerwys oortuig is dat sodanige inligting relevant is tot die identifikasie van die opbrengs van die onregmatige aktiwiteite of die bekamping van geldwassery of finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite of soortgelyke misdrywe in die land waarin die entiteit of owerheid ingestel is.

(1C) Inligting in subartikel (1) beoog, kan slegs aan 'n toesighoudende liggaam in subartikel (1)*(d)* bedoel beskikbaar gestel word—

*(a)* op inisiatief van die Sentrum of op versoek van die toesighoudende liggaam; en

*(b)* indien die Sentrum redelikerwys oortuig is dat sodanige inligting relevant is tot die uitoefening deur die toesighoudende liggaam van sy bevoegdhede of verrigting van sy werksaamhede kragtens enige wet.

(2) 'n Versoek vir inligting in subartikel **[(1)*(b)*, *(c)* of *(d)*]** (1A) of (1C) beoog, moet skriftelik wees en moet die **[verlangde]** nodige inligting en die doel waarvoor die inligting nodig is, vermeld.

(3) Die Direkteur kan, as 'n voorwaarde vir die voorsiening van enige inligting in subartikel (1) beoog, rakende die verstrekking van die inligting **[bedoel in subartikel (1)*(a)*, *(b)*, *(c)* of *(d)*,]** die redelike prosedurereëlings tref en die redelike veiligheidsmaatreëls instel wat die Direkteur gepas ag ten einde die vertroulikheid van daardie inligting te bewaar voordat die inligting voorsien word.

(4) Inligting **[deur die Sentrum gehou]** in subartikel (1) beoog, kan slegs aan 'n entiteit of owerheid bedoel in subartikel (1)*(b)* voorsien word na aanleiding van 'n skriftelike ooreenkoms tussen die Sentrum en **[sodanige]** die entiteit, of die owerheid wat vir **[daardie]** die entiteit of owerheid verantwoordelik is, wat die uitruil van inligting tussen die Sentrum en **[sodanige]** die entiteit of owerheid reël.

(5) 'n Ooreenkoms in subartikel (4) bedoel—

*(a)* word nie van krag nie voordat dit skriftelik deur die Minister goedgekeur is nie;

*(b)* laat nie die Sentrum toe om enige kategorie inligting te voorsien aan die entiteit of owerheid ten opsigte waarvan die ooreenkoms gesluit is wat **[daardie]** die entiteit of owerheid nie verlof het om aan die Sentrum te voorsien nie.

(6) 'n Persoon wat inligting van die Sentrum bekom, kan daardie inligting slegs gebruik—

*(a)* binne die bestek van daardie persoon se bevoegdhede en pligte; en

*(b)* in die geval van 'n versoek in subartikel (2) beoog, vir die doel **[ingevolge subartikel (2)]** in daardie versoek vermeld.

(7) Die Sentrum kan enige inligting wat gedurende 'n inspeksie deur hom bekom is, beskikbaar stel aan 'n staatsorgaan, toesighoudende liggaam, ander reguleringsowerheid, selfregulerende vereniging of organisasie wat die Sentrum redelikerwys oortuig is geraak word deur of 'n belang het by daardie inligting.

(8) Die Sentrum moet inligting wat hy hou beskikbaar stel aan die gepaste Nasionale Intelligensiestruktuur, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Nasionale Strategiese Intelligensie, 1994 (Wet No. 39 van 1994), indien hy redelikerwys oortuig is dat die inligting verband hou met enige potensiële bedreiging of bedreiging vir die nasionale veiligheid, soos omskryf in artikel 1 van daardie Wet.

(9) Die Sentrum kan, op inisiatief van die Sentrum of op skriftelike versoek, inligting wat hy hou, wat nie inligting beoog in subartikels (1), (7), en (8), is nie, aan 'n verantwoordingspligtige instelling of klas van verantwoordingspligtige instellings of van enige ander persoon openbaar maak tensy die Sentrum redelikerwys oortuig is die openbaarmaking kan—

*(a)* die bereiking van die Sentrum se oogmerke of die verrigting van sy werksaamhede strem, of die bereiking van die oogmerke of die verrigting van die werksaamhede van 'n ander staatsorgaan strem; of

*(b)* die regte van enige persoon benadeel.''.

**Insertion of section 41A in Act 38 of 2001**

**26.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 41:

"**Protection of personal information**

**41A.** (1) The Centre must ensure that appropriate measures are taken in respect of personal information in its possession or under its control to prevent—
*(a)* loss of, damage to or unauthorised destruction of the information; and
*(b)* unlawful access to or processing of personal information, other than in accordance with this Act and the Protection of Personal Information Act, 2013 (Act No. 4 of 2013).

(2) In order to give effect to subsection (1) the Centre must take reasonable measures to—
*(a)* identify all reasonable and foreseeable internal and external risks to personal information in its possession or under its control;
*(b)* establish and maintain appropriate safeguards against the risks identified;
*(c)* regularly verify that the safeguards are effectively implemented; and
*(d)* ensure that the safeguards are continually updated in response to new risks or deficiencies in previously implemented safeguards.".

**Substitution of section 42 of Act 38 of 2001**

**27.** The following section is hereby substituted for section 42 of the principal Act:

"**[Formulation and implementation of internal rules]** **Risk Management and Compliance Programme**

**42.** (1) An accountable institution must **[formulate]** develop, document, maintain and implement **[internal rules concerning—**
***(a)* the establishment and verification of the identity of persons whom the institution must identify in terms of Part 1 of this Chapter;**
***(b)* the information of which record must be kept in terms of Part 2 of this Chapter;**
***(c)* the manner in which and place at which such records must be kept;**
***(d)* the steps to be taken to determine when a transaction is reportable to ensure the institution complies with its duties under this Act; and**
***(e)* such other matters as may be prescribed]** a programme for anti-money laundering and counter-terrorist financing risk management and compliance.

(2) **[Internal rules must comply with the prescribed requirements]** A Risk Management and Compliance Programme must—
*(a)* enable the accountable institution to—
(i) identify;
(ii) assess;
(iii) monitor;
(iv) mitigate; and
(v) manage,
the risk that the provision by the accountable institution of products or services may involve or facilitate money laundering activities or the financing of terrorist and related activities;
*(b)* provide for the manner in which the institution determines if a person is—
(i) a prospective client in the process of establishing a business relationship or entering into a single transaction with the institution; or

**Invoeging van artikel 41A in Wet 38 van 2001**

**26.** Die volgende artikel word hierby na artikel 41 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Beskerming van persoonlike inligting**

**41A.** (1) Die Sentrum moet verseker dat gepaste stappe gedoen word ten opsigte van persoonlike inligting in sy besit of onder sy beheer ter voorkoming van—

*(a)* verlies van, skade aan of ongemagtigde vernietiging van inligting; en
*(b)* onregmatige toegang tot of verwerking van persoonlike inligting, behalwe ooreenkomstig hierdie Wet en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013).

(2) Ten einde aan subartikel (1) gevolg te gee, moet die Sentrum redelike stappe doen om—

*(a)* alle redelike en voorsienbare interne en eksterne risiko's vir persoonlike inligting in sy besit of onder sy beheer te identifiseer;
*(b)* gepaste veiligheidsmaatreëls teen die geïdentifiseerde risiko's in te stel en te onderhou;
*(c)* gereeld te verifieer dat die veiligheidsmaatreëls doeltreffend geïmplementeer is; en
*(d)* te verseker dat alle veiligheidsmaatreëls voortdurend bygewerk word in reaksie op nuwe risiko's of tekortkominge in veiligheidsmaatreëls wat voorheen geïmplementeer is.".

**Vervanging van artikel 42 van Wet 38 van 2001**

**27.** Artikel 42 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**[Formulering en implementering van interne reëls] Risikobestuur- en Nakomingsprogram**

**42.** (1) 'n Verantwoordingspligtige instelling moet **[interne reëls formuleer]** 'n Risikobestuur- en Nakomingsprogram vir anti-geldwassery- en teenterrorismefinansiering ontwikkel, dokumenteer, onderhou en implementeer **[oor—**

***(a)* die vasstelling en verifiëring van die identiteit van persone wat die instelling ingevolge Deel 1 van hierdie Hoofstuk moet identifiseer;**
***(b)* die inligting waarvan ingevolge Deel 2 van hierdie Hoofstuk rekord gehou moet word;**
***(c)* die wyse waarop en plek waar sodanige rekords gehou moet word;**
***(d)* die stappe wat gedoen moet word om te bepaal wanneer 'n transaksie gerapporteer moet word om te verseker dat die instelling sy pligte kragtens hierdie Wet nakom; en**
***(e)* die ander aangeleenthede wat voorgeskryf word]**.

(2) **[Interne reëls moet aan die voorgeskrewe vereistes voldoen]** 'n Risikobestuur- en Nakomingsprogram moet—

*(a)* die verantwoordingspligtige instelling in staat stel om die risiko te—
  (i) identifiseer;
  (ii) assesseer;
  (iii) monitor;
  (iv) versag; en
  (v) bestuur,

  wat die voorsiening deur die verantwoordingspligtige instelling van produkte of dienste kan behels of geldwassery-aktiwiteite of die finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite kan vergemaklik of behels;
*(b)* voorsiening maak vir die wyse waarop die instelling bepaal of 'n persoon—
  (i) 'n voornemende kliënt is wat besig is om 'n sakeverhouding aan te gaan of om 'n enkeltransaksie met die instelling te sluit; of

(ii) a client who has established a business relationship or entered into a single transaction;

*(c)* provide for the manner in which the institution complies with section 20A;

*(d)* provide for the manner in which and the processes by which the establishment and verification of the identity of persons whom the accountable institution must identify in terms of Part 1 of this Chapter is performed in the institution;

*(e)* provide for the manner in which the institution determines whether future transactions that will be performed in the course of the business relationship are consistent with the institution's knowledge of a prospective client;

*(f)* provide for the manner in which and the processes by which the institution conducts additional due diligence measures in respect of legal persons, trust and partnerships;

*(g)* provide for the manner in which and the processes by which ongoing due diligence and account monitoring in respect of business relationships is conducted by the institution;

*(h)* provide for the manner in which the examining of—

(i) complex or unusually large transactions; and

(ii) unusual patterns of transactions which have no apparent business or lawful purpose,

and keeping of written findings relating thereto, is done by the institution;

*(i)* provide for the manner in which and the processes by which the institution will confirm information relating to a client when the institution has doubts about the veracity of previously obtained information;

*(j)* provide for the manner in which and the processes by which the institution will perform the customer due diligence requirements in accordance with sections 21, 21A, 21B and 21C when, during the course of a business relationship, the institution suspects that a transaction or activity is suspicious or unusual as contemplated in section 29;

*(k)* provide for the manner in which the accountable institution will terminate an existing business relationship as contemplated in section 21E;

*(l)* provide for the manner in which and the processes by which the accountable institution determines whether a prospective client is a foreign prominent public official or a domestic prominent influential person;

*(m)* provide for the manner in which and the processes by which enhanced due diligence is conducted for higher-risk business relationships and when simplified customer due diligence might be permitted in the institution;

*(n)* provide for the manner in which and place at which the records are kept in terms of Part 2 of this Chapter;

*(o)* enable the institution to determine when a transaction or activity is reportable to the Centre under Part 3 of this Chapter;

*(p)* provide for the processes for reporting information to the Centre under Part 3 of this Chapter;

*(q)* provide for the manner in which—

(i) the Risk Management and Compliance Programme is implemented in branches, subsidiaries or other operations of the institution in foreign countries so as to enable the institution to comply with its obligations under this Act;

(ii) the institution will determine if the host country of a foreign branch or subsidiary permits the implementation of measures required under this Act; and

(iii) the institution will inform the Centre and supervisory body concerned if the host country contemplated in sub-paragraph (ii) does not permit the implementation of measures required under this Act;

(ii) ’n kliënt is wat ’n sakeverhouding aangegaan het of ’n enkeltransaksie gesluit het;

*(c)* voorsiening maak vir die wyse waarop die instelling aan artikel 20A voldoen;

*(d)* voorsiening maak vir die wyse waarop en die prosedure waarvolgens die vasstelling en verifiëring van die identiteit van persone wat die verantwoordingspligtige instelling ingevolge Deel 1 van hierdie Hoofstuk moet identifiseer, in die instelling gedoen word;

*(e)* voorsiening maak vir die wyse waarop die instelling vasstel of toekomstige transaksies wat in die loop van die sakeverhouding gesluit sal word, met die instelling se kennis van ’n voornemende kliënt bestaanbaar is;

*(f)* voorsiening maak vir die wyse waarop en die prosesse waarvolgens die instelling bykomende omsigtigheidsmaatreëls ten opsigte van regspersone, trusts en vennootskappe toepas;

*(g)* voorsiening maak vir die wyse waarop en prosesse waarvolgens voortgesette omsigtigheid en rekeningmonitering ten opsigte van sakeverhoudings deur die instelling gedoen word;

*(h)* voorsiening maak vir hoe die instelling—

(i) ingewikkelde of ongewoon groot transaksies; en

(ii) ongewone patrone van transaksies wat geen sake- of wettige doel het nie,

bestudeer en skriftelike bevindings daaroor hou;

*(i)* voorsiening maak vir die wyse waarop en die prosesse waarvolgens die instelling inligting oor ’n kliënt sal bevestig wanneer die instelling twyfel oor die geloofwaardigheid van inligting wat voorheen verkry is;

*(j)* voorsiening maak vir die wyse waarop en die prosesse waarvolgens die instelling die klante-omsigtigheidsvereistes ooreenkomstig artikels 21, 21A, 21B en 21C sal uitvoer wanneer, deur die loop van ’n sakeverhouding, die instelling vermoed dat ’n transaksie of aktiwiteit verdag of ongewoon is soos in artikel 29 beoog;

*(k)* voorsiening maak vir die wyse waarop die verantwoordingspligtige instelling ’n bestaande sakeverhouding in artikel 21E beoog, sal beëindig;

*(l)* voorsiening maak vir die wyse waarop en die prosesse waarvolgens die verantwoordingspligtige instelling bepaal of ’n voornemende kliënt ’n buitelandse-vooraanstaande-openbare-beampte of ’n binnelandse-vooraanstaande-invloedryke-persoon is;

*(m)* voorsiening maak vir die wyse waarop en die prosesse waarvolgens verbeterde omsigtigheid gedoen word vir hoër-risiko verhoudings en wanneer vereenvoudigde klante-omsigtigheid in die instelling toegelaat kan word;

*(n)* voorsiening maak vir die wyse waarop en plek waar die rekords ingevolge Deel 2 van hierdie Hoofstuk gehou word;

*(o)* die instelling in staat stel om vas te stel wanneer ’n transaksie of aktiwiteit kragtens Deel 3 van hierdie Hoofstuk aan die Sentrum gerapporteer kan word;

*(p)* voorsiening maak vir die prosesse vir die rapportering van inligting aan die Sentrum kragtens Deel 3 van hierdie Hoofstuk;

*(q)* voorsiening maak vir die wyse waarop—

(i) die Risikobestuur- en Nakomingsprogram in takke, filiale of ander bedrywe van die instelling in die buiteland geïmplementeer word ten einde die instelling in staat te stel om sy verpligtinge kragtens hierdie Wet na te kom;

(ii) die instelling sal vasstel of die gasheerland van ’n buitelandse tak of filiaal die implementering van maatreëls kragtens hierdie Wet vereis, toelaat; en

(iii) die instelling sal die Sentrum en betrokke toesighoudende liggaam inlig as die gasheerland in subparagraaf (ii) bedoel nie die implementering van maatreëls kragtens hierdie Wet vereis, toelaat nie;

*(r)* provide for the processes for the institution to implement its Risk Management and Compliance Programme; and

*(s)* provide for any prescribed matter.

(2A) An accountable institution must indicate in its Risk Management and Compliance Programme if any paragraph of subsection (2) is not applicable to that accountable institution and the reason why it is not applicable.

(2B) The board of directors, senior management or other person or group of persons exercising the highest level of authority in an accountable institution must approve the Risk Management and Compliance Programme of the institution.

(2C) An accountable institution must review its Risk Management and Compliance Programme at regular intervals to ensure that the Programme remains relevant to the accountable institution's operations and the achievement of the requirements contemplated in subsection (2).

(3) An accountable institution must make **[its internal rules]** documentation describing its Risk Management and Compliance Programme available to each of its employees involved in transactions to which this Act applies.

(4) An accountable institution must, on request, make a copy of **[its internal rules]** the documentation describing its Risk Management and Compliance Programme available to—

*(a)* the Centre; or

*(b)* a supervisory body which performs regulatory or supervisory functions in respect of that accountable institution.''.

**Insertion of sections 42A and 42B in Act 38 of 2001**

**28.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 42:

''**Governance of anti-money laundering and counter terrorist financing compliance**

**42A.** (1) The board of directors of an accountable institution which is a legal person with a board of directors, or the senior management of an accountable institution without a board of directors, must ensure compliance by the accountable institution and its employees with the provisions of this Act and its Risk Management and Compliance Programme.

(2) An accountable institution which is a legal person must—

*(a)* have a compliance function to assist the board of directors or the senior management, as the case may be, of the institution in discharging their obligations under subsection (1); and

*(b)* assign a person with sufficient competence and seniority to ensure the effectiveness of the compliance function contemplated in paragraph *(a)*.

(3) The person or persons exercising the highest level of authority in an accountable institution which is not a legal person must ensure compliance by the employees of the institution with the provisions of this Act and its Risk Management and Compliance Programme, in so far as the functions of those employees relate to the obligations of the institution.

(4) An accountable institution which is not a legal person, except for an accountable institution which is a sole practitioner, must appoint a person or persons with sufficient competence to assist the person or persons exercising the highest level of authority in the accountable institution in discharging their obligation under subsection (3).

*(r)* voorsiening maak vir die prosesse vir die instelling om sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram te implementeer; en

*(s)* vir enige voorgeskrewe aangeleentheid voorsiening maak.

(2A) 'n Verantwoordingspligtige instelling moet in sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram aandui indien enige paragraaf van subartikel (2) nie op daardie verantwoordingspligtige instelling van toepassing is nie en die rede waarom dit nie van toepassing is nie.

(2B) Die direksie, senior bestuur of ander persoon of groep persone wat die hoogste vlak van gesag in 'n verantwoordingspligtige instelling uitoefen, moet die Risikobestuur- en Nakomingsprogram van die instelling goedkeur.

(2C) 'n Verantwoordingspligtige instelling moet sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram gereeld hersien om te verseker dat die Program tersaaklik bly ten opsigte van die verantwoordingspligtige instelling se bedrywighede en die bereiking van die vereistes in subartikel (2) beoog.

(3) 'n Verantwoordingspligtige instelling moet **[sy interne reëls]** dokumentasie wat sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram beskryf, beskikbaar stel aan elk van sy werknemers wat betrokke is by transaksies waarop hierdie Wet van toepassing is.

(4) 'n Verantwoordingspligtige instelling moet, op versoek, 'n afskrif van **[sy interne reëls]** die dokumentasie wat sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram beskryf beskikbaar stel aan—

*(a)* die Sentrum; of

*(b)* 'n toesighoudende liggaam wat regulerings- of toesighoudende werksaamhede ten opsigte van daardie verantwoordingspligtige instelling verrig.".

**Invoeging van artikels 42A en 42B in Wet 38 van 2001**

**28.** Die volgende artikels word hierby na artikel 42 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Beheer van nakoming ten opsigte van anti-geldwassery en teenterroristefinansiering**

**42A.** (1) Die direksie van 'n verantwoordingspligtige instelling wat 'n regspersoon met 'n direksie is, of die senior bestuur van 'n verantwoordingspligtige instelling sonder 'n direksie, moet verseker dat die verantwoordingspligtige instelling en sy werknemers die bepalings van hierdie Wet en sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram, nakom.

(2) 'n Verantwoordingspligtige instelling wat 'n regspersoon is moet—

*(a)* 'n voldoeningsfunksie hê om die direksie of die senior bestuur, na gelang van die geval, van die instelling by te staan in die uitvoering van hul verpligtings kragtens subartikel (1); en

*(b)* 'n persoon met voldoende bevoegdheid en senioriteit aanwys om die doeltreffendheid van die voldoeningsfunksie in paragraaf *(a)* beoog, te verseker.

(3) Die persoon of persone wat die hoogste vlak van gesag in 'n verantwoordingspligtige instelling uitoefen, wat nie 'n regspersoon is nie, moet verseker dat werknemers van die instelling aan die bepalings van hierdie Wet en sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram voldoen, vir sover die werksaamhede van daardie werknemers met die verpligtings van die instelling verband hou.

(4) 'n Verantwoordingspligtige instelling wat nie 'n regspersoon is nie, behalwe 'n verantwoordingspligtige instelling wat 'n alleenpraktisyn is, moet 'n persoon of persone met voldoende bevoegdheid aanstel om die persoon of persone wat die hoogste vlak van gesag in die instelling uitoefen, by te staan in die vervulling van hul verpligting kragtens subartikel (3).

**Consultation process for issuing guidance**

**42B.** Before issuing guidance to accountable institutions, supervisory bodies and other persons regarding the performance and compliance by them of their duties and obligations in terms of this Act or any directive made in terms of this Act, the Centre must—

*(a)* publish a draft of the guidance by appropriate means of publication and invite submissions; and

*(b)* consider submissions received.''.

**Substitution of section 43 of Act 38 of 2001**

**29.** The following section is hereby substituted for section 43 of the principal Act:

''**Training [and monitoring of] relating to anti-money laundering and counter terrorist financing compliance**

**43.** An accountable institution must**[—**

***(a)*]** provide ongoing training to its employees to enable them to comply with the provisions of this Act and **[the internal rules]** the Risk Management and Compliance Programme which are applicable to them**[;**

***(b)*** **appoint a person with the responsibility to ensure compliance by—**

**(i) the employees of the accountable institution with the provisions of this Act and the internal rules applicable to them; and**

**(ii) the accountable institution with its obligations under this Act]**.''.

**Amendment of section 43A of Act 38 of 2001, as inserted by section 14 of Act 11 of 2008**

**30.** Section 43A of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections:

''(1) *(a)* The Centre may, by notice in the *Gazette*, issue a directive to all institutions to whom the provisions of this Act apply**[,]**—

(i) regarding the application of this Act; or

(ii) which reasonably may be required to give effect to the Centre's objectives contemplated in section 3.

*(b)* The Centre may issue a directive in terms of paragraph *(a)* only after consulting with supervisory bodies on that directive.

(2) The Centre or a supervisory body may, in writing, issue a directive to any category of accountable institutions or category of reporting institutions or other category of **[person]** persons to whom the provisions of this Act apply**[,]**—

*(a)* regarding the application of this Act; or

*(b)* which reasonably may be required to give effect to the Centre's objectives contemplated in section 3.'';

*(b)* by the substitution in subsection (6) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* The Centre, in respect of any accountable institution or category of accountable institutions regulated or supervised by a supervisory body in terms of this Act or any other law, may issue a directive in accordance with subsections (2) and (3) only **[if a supervisory body]**—

(i) if a supervisory body failed to issue a directive despite any recommendation of the Centre made in terms of section 44*(b)*; or

(ii) **[failed to issue a directive within the period specified by the Centre]** after consultation with the relevant supervisory body.''; and

**Oorlegpleginsproses vir gee van leiding**

**42B.** Voordat leiding aan verantwoordingspligtige instellings, toesighoudende liggame en ander persone gegee word oor die prestasie, en nakoming deur hulle van hul pligte en verpligtinge ingevolge hierdie Wet of enige lasgewing ingevolge hierdie Wet gegee, moet die Sentrum—

*(a)* 'n konsep van die leiding op gepaste maniere publiseer en voorleggings aanvra; en

*(b)* voorleggings wat ontvang is, oorweeg.".

**Vervanging van artikel 43 van Wet 38 van 2001**

**29.** Artikel 43 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Opleiding [en monitering van] vir nakoming ten opsigte van anti-geldwassery en teenterroristefinansiering**

**43.** 'n Verantwoordingspligtige instelling moet**[—**

***(a)*]** voortgesette opleiding aan sy werknemers verskaf om hulle in staat te stel om die bepalings van hierdie Wet en **[die interne reëls]** die Risikobestuur- en Nakomingsprogram wat op hulle van toepassing is, na te kom**[;**

***(b)* 'n persoon aanstel met die verantwoordelikheid om nakoming te verseker deur—**

**(i) die werknemers van die verantwoordingspligtige instelling van die bepalings van hierdie Wet en die interne reëls wat op hulle van toepassing is; en**

**(ii) die verantwoordingspligtige instelling van sy verpligtinge kragtens hierdie Wet]**.".

**Wysiging van artikel 43A van Wet 38 van 2001, soos ingevoeg deur artikel 14 van Wet 11 van 2008**

**30.** Artikel 43A van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikels (1) en (2) deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) *(a)* Die Sentrum kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n lasgewing **[aangaande die toepassing van hierdie Wet]** uitreik aan al die instellings op wie die bepalings van hierdie Wet van toepassing is—

(i) aangaande die toepassing van hierdie Wet; of

(ii) wat redelikerwys nodig mag wees om gevolg te gee aan die Sentrum se oogmerke in artikel 3 beoog.

*(b)* Die Sentrum kan 'n lasgewing ingevolge paragraaf *(a)* slegs uitreik na oorleg met toesighoudende liggame oor daardie lasgewing.

(2) Die Sentrum of 'n toesighoudende liggaam kan 'n skriftelike lasgewing uitreik aan enige kategorie verantwoordingspligtige instellings of kategorie verslagdoeningsinstellings of ander kategorie persone op wie die bepalings van hierdie Wet van toepassing is**[,]**—

*(a)* aangaande die toepassing van hierdie Wet; of

*(b)* wat redelikerwys nodig mag wees om gevolg te gee aan die Sentrum se oogmerke in artikel 3 beoog.";

*(b)* deur in subartikel (6) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Die Sentrum kan, ten opsigte van enige verantwoordingspligtige instelling of kategorie verantwoordingspligtige instellings wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet gereguleer word of oor wie ingevolge hierdie Wet of enige ander wet toesig gehou word, 'n lasgewing ooreenkomstig subartikels (2) en (3) uitreik slegs **[indien 'n toesighoudende liggaam]**—

(i) indien 'n toesighoudende liggaam versuim het om 'n lasgewing uit te reik ondanks 'n aanbeveling van die Sentrum ingevolge artikel 44*(b)* gedoen; of

(ii) **[versuim het om 'n lasgewing uit te reik binne die tydperk vermeld deur die Sentrum]** na oorleg met die tersaaklike toesighoudende liggaam."; en

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(7) Before the Centre or supervisory body concerned issues a directive, it must—

*(a)* in the case of a directive in terms of—

(i) subsection (1), in the *Gazette*, give notice where a draft of the directive will be available and invite submissions;

(ii) subsection (2), publish a draft of the directive by appropriate means of publication and invite submissions; and

*(b)* consider submissions received.".

**Amendment of section 45 of Act 38 of 2001, as inserted by section 15 of Act 11 of 2008**

**31.** Section 45 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1D) of the following subsection:

"(1D) *(a)* The Centre and a supervisory body must coordinate their approach to exercising their powers and performing their functions in terms of this Act to ensure the consistent application of the Act, and must enter into a written memorandum of understanding in respect thereof.

*(b)* The memorandum of understanding must provide for—

(i) the sharing of information between the parties, which must include—

*(aa)* the types of information to be furnished by each party; or

*(bb)* measures to protect confidentiality of the information, including limiting access to specified persons or incumbents of specified positions, subject to section 40(3) and other provisions of this Act and other applicable legislation;

(ii) cooperation between the parties and assisting each other in the exercise of their respective powers and the performance of their respective duties in terms of this Act;

(iii) a dispute resolution mechanism; and

(iv) such other matters as may be prescribed.".

**Amendment of section 45B of Act 38 of 2001, as inserted by section 16 of Act 11 of 2008**

**32.** Section 45B of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) *(a)* In this section **'compliance'** means compliance with a provision of this Act or any order, determination or directive made in terms of this Act and which, if not complied with, constitutes non-compliance.

*(b)* **[For]** An inspector appointed in terms of section 45A may enter the premises, excluding a private residence, of an accountable institution or reporting institution which is registered in terms of section 43B or otherwise licensed or authorised by a supervisory body and inspect the affairs of the accountable institution or reporting institution, as the case may be, for the purposes of determining compliance **[with this Act or any order, determination or directive made in terms of this Act, an inspector may at any reasonable time and on reasonable notice, where appropriate, enter and inspect any premises at which the Centre or, when acting in terms of section 45(1), the supervisory body reasonably believes that the business of an accountable institution, reporting institution or other person to whom the provisions of this Act apply, is conducted]**.";

*(b)* by the insertion after subsection (1) of the following subsections:

"(1A) An inspector appointed in terms of section 45A may, for the purposes of determining compliance and on the authority of a warrant issued under subsection (1B), enter and inspect—

*(a)* a private residence; or

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(7) Voordat die betrokke Sentrum of toesighoudende liggaam 'n lasgewing uitreik, moet hy—

*(a)* in die geval van 'n lasgewing ingevolge—

(i) subartikel (1), in die *Staatskoerant*, kennis gee waar 'n konsep van die lasgewing beskikbaar sal wees en voorleggings aanvra;

(ii) subartikel (2), 'n konsep van die lasgewing publiseer en voorleggings aanvra;

*(b)* die voorleggings wat ontvang is, oorweeg.".

**Wysiging van artikel 45 van Wet 38 van 2001, soos ingevoeg deur artikel 15 van Wet 11 van 2008**

**31.** Artikel 45 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1D) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1D) *(a)* Die Sentrum en 'n toesighoudende liggaam moet hulle benadering tot die uitoefening van hulle bevoegdhede en die verrigting van hulle werksaamhede ingevolge hierdie Wet koördineer ten einde die konsekwente toepassing van hierdie Wet te verseker, en moet 'n skriftelike memorandum van verstandhouding ten opsigte daarvan aangaan.

*(b)* Die memorandum van verstandhouding moet voorsiening maak vir—

(i) die deel van inligting tussen die partye, wat moet insluit—

*(aa)* die tipes inligting wat deur elke party voorsien moet word; of

*(bb)* maatreëls om vertroulikheid van die inligting te beskerm, met inbegrip van beperking van toegang tot vermelde persone of bekleërs van vermelde posisies, behoudens artikel 40(3) en ander bepalings van hierdie Wet en ander toepaslike wetgewing;

(ii) samewerking tussen die partye en bystand aan mekaar in die uitoefening van hul onderskeie bevoegdhede en die verrigting van hul onderskeie pligte ingevolge hierdie Wet;

(iii) 'n geskilbeslegtingsmeganisme; en

(iv) sodanige ander aangeleenthede wat voorgeskryf word.".

**Wysiging van artikel 45B van Wet 38 van 2001, soos ingevoeg deur artikel 16 van Wet 11 van 2008**

**32.** Artikel 45B van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) *(a)* In hierdie artikel beteken **'nakoming'** nakoming van 'n bepaling van hierdie Wet of enige bevel gegee, vasstelling gedoen of lasgewing uitgereik ingevolge hierdie Wet en wat, indien dit nie nagekom word nie, nie-nakoming daarstel.

*(b)* **[Vir]** 'n Inspekteur aangestel ingevolge artikel 45A kan die perseel, behalwe 'n privaatwoning, van 'n verantwoordingspligtige instelling of verslagdoeningsinstelling wat ingevolge artikel 43B geregistreer is of andersins deur die toesighoudende liggaam gelisensieer of gemagtig is, betree en die sake van die verantwoordingspligtige instelling of verslagdoeningsinstelling, na gelang van die geval, inspekteer vir die doeleindes van die bepaling van nakoming **[van hierdie Wet of 'n bevel gegee, vasstelling gedoen of lasgewing uitgereik ingevolge hierdie Wet, kan 'n inspekteur te eniger redelike tyd en met redelike kennisgewing, waar toepaslik, enige perseel betree en ondersoek waarop die Sentrum of, wanneer ingevolge artikel 45(1) opgetree word, die toesighoudende liggaam redelikerwys glo dat die werksaamhede van 'n verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of ander persoon op wie die bepalings van hierdie Wet van toepassing is, verrig word]**.";

*(b)* deur die volgende subartikels na subartikel (1) in te voeg:

"(1A) 'n Inspekteur ingevolge artikel 45A aangestel kan, vir die doeleindes van die bepaling van nakoming en op gesag van 'n lasbrief kragtens subartikel (1B) uitgereik—

*(a)* 'n privaatwoning; of

*(b)* any premises other than premises contemplated in subsection (1)*(b)* or paragraph *(a)* (in this section referred to as 'unlicensed business premises'),

if the Centre or a supervisory body reasonably believes that the residence or premises are used for a business to which the provisions of this Act apply.

(1B) A magistrate or judge may issue a warrant contemplated in subsection (1A)—

*(a)* on written application by the Centre or a supervisory body setting out under oath or affirmation why it is necessary for an inspector to enter and inspect the private residence or unlicensed business premises; and

*(b)* if it appears to the magistrate or judge from the information under oath or affirmation that—

(i) there are reasonable grounds for suspecting that an act of non-compliance has occurred;

(ii) entry and inspection of the private residence or unlicensed business premises are likely to yield information pertaining to the non-compliance; and

(iii) entry and inspection of that residence or those premises are reasonably necessary for the purposes of determining compliance.

(1C) An inspector otherwise required to obtain a warrant for entry and inspection of a private residence or unlicensed business premises in terms of subsection (1A), may enter and inspect that residence or those premises without a warrant—

*(a)* with the consent of—

(i) in the case of a private residence—

*(aa)* the person apparently in control of the business reasonably believed to be conducted at the private residence; and

*(bb)* the occupant of the part of the private residence to be entered and inspected; or

(ii) in the case of unlicensed business premises, the person apparently in control of the business reasonably believed to be conducted at the premises,

after informing him or her that he or she is under no obligation to admit the inspector in the absence of a warrant; or

*(b)* with the prior authority of the Director or the head of a supervisory body, or a senior staff member of the Centre or supervisory body delegated to perform the function, if the Director, head or senior staff member on reasonable grounds believes that—

(i) a warrant will be issued under subsection (1B) if applied for;

(ii) the delay in obtaining the warrant is likely to defeat the purpose for which entry and inspection of the private residence or unlicensed business premises is sought; and

(iii) it is necessary to enter and inspect that residence or those premises to perform any or all of the actions contemplated in section 45B(2)*(a)* to *(f)*.

(1D) Where an inspector enters and inspects premises in terms of subsection (1)*(b)*, or a private residence or unlicensed business premises in terms of subsection (1C), he or she must do so—

*(a)* at a reasonable time within ordinary business hours or, in the case of an entry and inspection in terms of subsection (1C)*(b)*, if the inspector on reasonable grounds believes that the purpose for which the entry and inspection is sought, is likely to be defeated by a delay, as closely to ordinary business hours as the circumstances reasonably permit;

*(b)* on reasonable notice, where appropriate;

*(c)* with strict regard to an affected person's right to—

(i) dignity;

(ii) freedom and security;

*(b)* enige perseel buiten 'n perseel in subartikel (1)*(b)* of paragraaf *(a)* beoog (in hierdie artikel 'n 'ongelisensieerde sakeperseel' genoem),

betree en inspekteer, indien die Sentrum of 'n toesighoudende liggaam redelikerwys glo dat die woning of perseel gebruik word vir 'n onderneming waarop die bepalings van hierdie Wet van toepassing is.

(1B) 'n Landdros of regter kan 'n lasbrief in subartikel (1A) beoog, uitreik—

*(a)* by skriftelike aansoek deur die Sentrum of 'n toesighoudende liggaam wat onder eed of bevestiging uiteensit hoekom dit nodig is dat 'n inspekteur die privaatwoning of ongelisensieerde sakeperseel betree en dit inspekteer; en

*(b)* indien dit vir die landdros of regter uit die inligting onder eed of bevestiging blyk dat—

(i) daar redelike gronde is om te vermoed dat 'n handeling van nie-nakoming voorgekom het;

(ii) betreding en inspeksie van die privaatwoning of ongelisensieerde sakeperseel waarskynlik inligting sal oplewer wat met die nie-nakoming verband hou; en

(iii) betreding en inspeksie van die privaatwoning of ongelisensieerde sakeperseel redelikerwys nodig is ten einde nakoming te bepaal.

(1C) 'n Inspekteur wat andersins 'n lasbrief vir betreding en inspeksie van 'n privaatwoning of ongelisensieerde sakeperseel ingevolge subartikel (1A) moet kry, kan daardie woning of perseel sonder 'n lasbrief betree en inspekteer—

*(a)* met die toestemming van—

(i) in die geval van 'n privaatwoning—

*(aa)* die persoon wat skynbaar in beheer is van die sake wat redelikerwys vermoed word by die privaatwoning bedryf word; en

*(bb)* die okkupant van die deel van die privaatwoning wat betree en geïnspekteer moet word; of

(ii) in die geval van 'n ongelisensieerde sakeperseel, die persoon wat skynbaar in beheer is van die sake wat redelikerwys vermoed word by die perseel bedryf word,

nadat hy of sy ingelig is dat hy of sy onder geen verpligting is om die inspekteur in die afwesigheid van 'n lasbrief in te laat nie; of

*(b)* met die vooraf magtiging van die Direkteur of die hoof van 'n toesighoudende liggaam, of 'n senior personeellid van die Sentrum of toesighoudende liggaam wat gedelegeer is om die werksaamheid te verrig, indien die Direkteur, hoof of senior personeellid op redelike gronde glo dat—

(i) 'n lasbrief kragtens subartikel (1B) uitgereik sal word indien daarvoor aansoek gedoen word;

(ii) die vertraging in die verkryging van die lasbrief waarskynlik die doel waarvoor toegang en inspeksie van die privaatwoning of ongelisensieerde sakeperseel vereis word, sal verydel;

(iii) dit nodig is om daardie woning of daardie perseel te betree en te inspekteer om enige of al die handelinge in artikel 45B(2)*(a)* tot *(f)* beoog, te verrig.

(1D) Waar 'n inspekteur 'n perseel ingevolge subartikel (1)*(b)*, of 'n privaatwoning of ongelisensieerde sakeperseel ingevolge subartikel (1C), betree en inspekteer moet hy of sy dit—

*(a)* op 'n redelike tyd binne gewone sake-ure of, in die geval van 'n betreding en inspeksie ingevolge subartikel (1C)*(b)*, indien die inspekteur op redelike gronde glo dat die doel waarvoor die betreding en inspeksie vereis word, waarskynlik deur 'n vetraging verydel sal word, so na as moontlik aan gewone sake-ure soos die omstandighede redelikerwys toelaat;

*(b)* met redelike kennisgewing, waar gepas;

*(c)* met streng inagneming van 'n geraakte persoon se reg op—

(i) waardigheid;

(ii) vryheid en sekuriteit;

(iii) privacy; and

(iv) other constitutional rights; and

*(d)* with strict regard to decency and good order as the circumstances require, in particular by—

(i) entering and inspecting only such areas or objects as are reasonably required for purposes of section 45B(2);

(ii) conducting the inspection discreetly and with due decorum;

(iii) causing as little disturbance as possible; and

(iv) concluding the inspection as soon as possible.

(1E) Subsection (1D)*(c)* and *(d)* apply with the necessary changes where an inspector enters and inspects premises on the authority of a warrant issued under subsection (1B).'';

*(c)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

''(2A) When acting in terms of subsection (2)*(b)* or *(d)*, an inspector of—

*(a)* the Centre;

*(b)* a supervisory body referred to in item 1 or 2 of Schedule 2; or

*(c)* any other supervisory body meeting the prescribed criteria,

may order from an accountable institution or reporting institution under inspection, the production of a copy of a report, or the furnishing of a fact or information related to the report, contemplated in section 29.

(2B) If the inspector of a supervisory body, referred to in subsection (2A)*(b)* or *(c)*, obtained a report, or a fact or information related to the report, under subsection (2A), that supervisory body must request information from the Centre under section 40(1C) relating to the report contemplated in section 29 which may be relevant to such inspection.

(2C) For purposes of subsection (2B), the Centre must provide the information to the inspector of the supervisory body in accordance with section 40.'';

*(d)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

''(4) The Centre or a supervisory body may recover all expenses necessarily incurred in conducting an inspection from an accountable institution**[,]** or reporting institution **[or person]** inspected.'';

*(e)* by the substitution in subsection (5)*(b)* for subparagraph (iv) of the following subparagraph:

''(iv) except information contemplated in subsections (2A) and (2C), if the Director or supervisory body is satisfied that it is in the public interest.'';

*(f)* by the deletion in subsection (6) of paragraph *(b)*; and

*(g)* by the deletion of subsection (7).

**Amendment of section 45C of Act 38 of 2001, as inserted by section 16 of Act 11 of 2008**

**33.** Section 45C of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (7) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''(7) *(a)* Any financial penalty imposed must be paid into the **[Criminal Assets Recovery Account established by section 63 of the Prevention Act]** National Revenue Fund within the period and in the manner as may be specified in the relevant notice.''.

**Amendment of section 45D of Act 38 of 2001, as inserted by section 16 of Act 11 of 2008**

**34.** Section 45D of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the addition to subsection (1) of the following paragraph:

''*(c)* The appeal board may, on good cause shown, grant condonation to an appellant who has failed to lodge an appeal timeously as provided for in paragraph *(b)*.'';

(iii) privaatheid; en

(iv) ander grondwetlike regte, doen; en

*(d)* met streng inagneming van ordentlikheid en goeie orde soos die omstandighede vereis, in die besonder deur—

(i) slegs sodanige gebiede of voorwerpe te betree en te inspekteer soos redelik vir die doeleindes van artikel 45B(2) vereis word;

(ii) die inspeksie diskreet en met behoorlike fatsoenlikheid te doen;

(iii) so min as moontlik steurnis te veroorsaak; en

(iv) die inspeksie so gou as moontlik af te handel.

(1E) Subartikel (1D)*(c)* en *(d)* is van toepassing met die nodige veranderinge waar 'n inspekteur 'n perseel betree en inspekteer met die gesag van 'n lasbrief kragtens subartikel (1B) uitgereik.";

*(c)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) Wanneer 'n inspekteur van—

*(a)* die Sentrum;

*(b)* 'n toesighoudende liggaam in item 1 of 2 van Bylae 2 bedoel; of

*(c)* enige ander toesighoudende liggaam wat aan die voorgeskrewe maatstawwe voldoen,

wat ingevolge subartikel (2)*(b)* of *(d)* optree kan gelas dat 'n verantwoordingspligtige instelling of verslagdoeningsinstelling onder inspeksie 'n afskrif van 'n verslag lewer, of 'n feit of inligting oor die verslag, in artikel 29 beoog, verstrek.

(2B) Indien die inspekteur van 'n toesighoudende liggaam, in subartikel (2A)*(b)* of *(c)* bedoel, 'n verslag, of 'n feit of inligting oor die verslag, kragtens subartikel (2A), verkry het, moet daardie toesighoudende liggaam inligting van die Sentrum aanvra kragtens artikel 40(1C*)* oor die verslag in artikel 29 beoog, wat tersaaklik vir die inspeksie kan wees.

(2C) By die toepassing van subartikel (2B), moet die Sentrum die inligting ooreenkomstig artikel 40 aan die inspekteur van die toesighoudende liggaam voorsien.";

*(d)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Die Sentrum of 'n toesighoudende liggaam kan alle uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word, wanneer 'n inspeksie uitgevoer word, verhaal van 'n verantwoordingspligtige instelling**[,]** of verslagdoeningsinstelling **[of persoon]** wat geïnspekteer word.";

*(e)* deur subparagraaf (iv) in subartikel (5)*(b)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(iv) behalwe inligting in subartikels (2A) en (2C) beoog, indien die Direkteur of toesighoudende liggaam oortuig is dat dit in die openbare belang is.";

*(f)* deur paragraaf *(b)* in subartikel (6) te skrap; en

*(g)* deur subartikel (7) te skrap.

**Wysiging van artikel 45C van Wet 38 van 2001, soos ingevoeg deur artikel 16 van Wet 11 van 2008**

**33.** Artikel 45C van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (7) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"(7) *(a)* Enige finansiële boete opgelê, moet inbetaal word in die **[Rekening vir die Verhaling van Kriminele Bates ingestel by artikel 63 van die Voorkomingswet]** Nasionale Inkomstefonds binne die tydperk en op die wyse wat in die betrokke kennisgewing vermeld word.".

**Wysiging van artikel 45D van Wet 38 van 2001, soos ingevoeg deur artikel 16 van Wet 11 van 2008**

**34.** Artikel 45D van die Hoofwet word hierby gewysig deur—

*(a)* die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg:

"*(c)* Die appèlraad kan, by die aanvoer van goeie gronde, 'n appellant verskoon wat versuim het om 'n appèl betyds aan te teken, soos in paragraaf *(b)* voor voorsiening gemaak.";

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) An appeal is decided on the **[affidavits and supporting documents presented to the appeal board by the parties to the appeal]** written evidence, factual information and documentation submitted to the Centre or the supervisory body before the decision which is subject to the appeal was taken.";

*(c)* by the insertion after subsection (3) of the following subsections:

"(3A) Subject to subsection (4), no oral or written evidence or factual information and documentation, other than that which was available to the Centre or supervisory body and the written reasons for the decision of the Centre or the supervisory body, may be submitted to the appeal board by a party to the appeal.

(3B) Despite subsection (3), the chairperson of the appeal board may on application by—

*(a)* the appellant concerned, and on good cause shown, allow further oral and written evidence or factual information and documentation not made available to the Centre or the supervisory body prior to the making of the decision against which the appeal is lodged; or

*(b)* the Centre or the supervisory body concerned, and on good cause shown, allow further oral and written evidence or factual information and documentation to be submitted and introduced into the record of the appeal.

(3C) If introduction by an appellant of further oral and written evidence or factual documentation is allowed into the record of the appeal under subsection (3B)*(a)*, the matter must be submitted to the Centre or the supervisory body in question for reconsideration.

(3D) When an appeal is submitted to the Centre or a supervisory body as contemplated in subsection (3C), the appeal is deferred pending the final decision of the Centre or the supervisory body.

(3E) If, after the Centre or the supervisory body concerned has made a final decision as contemplated in subsection (3D), the appellant continues with the appeal by giving written notice to the appeal board, the record must include the further oral evidence properly transcribed, the written evidence or factual information or documentation allowed, and the further reasons or documentation submitted by the Centre or the supervisory body concerned.";

*(d)* by the substitution in subsection (4) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(4) **[Despite the provisions of subsection (3) the appeal board may]** For the purposes of allowing further oral evidence in terms of subsection (3B) the appeal board may—";

*(e)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The chairperson of the appeal board determines the rules of the appeal and any other procedural matters relating to an appeal.";

*(f)* by the insertion after subsection (6) of the following subsections:

"(6A) The chairperson of the appeal board manages the case load of the appeal board and must assign each appeal to an adjudication panel comprising of not less than three members of the appeal board.

(6B) The chairperson of the appeal board appoints a chairperson of an adjudication panel who presides over the proceedings of that panel and that chairperson has a deciding vote in the case of an equality of votes."; and

*(g)* by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

"(8) The decision of a majority of the members of **[the appeal board]** an adjudication panel shall be the decision of **[that]** the appeal board.".

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) 'n Appèl word beslis op die **[beëdigde verklarings en ondersteunende dokumente wat aan die appèlraad voorgelê word deur die partye tot die appèl]** skriftelike getuienis, feitelike inligting en dokumentasie aan die Sentrum of toesighoudende liggaam voorgelê voordat die besluit waaroor geappelleer word, geneem is.";

*(c)* deur die volgende subartikels na subartikel (3) in te voeg:

"(3A) Behoudens subartikel (4), kan geen mondelinge of skriftelike getuienis of feitelike inligting en dokumentasie, buiten dit wat aan die Sentrum of toesighoudende liggaam beskikbaar gestel is en die skriftelike redes vir die Sentrum of toesighoudende liggaam se besluit, deur 'n party tot die appèl aan die appèlraad voorgelê word nie.

(3B) Ondanks subartikel (3), kan die voorsitter van die appèlraad by aansoek deur—

*(a)* die betrokke appellant, en by aanvoer van goeie gronde, verdere mondelinge en skriftelike getuienis of feitelike inligting en dokumentasie toelaat wat nie aan die Sentrum of toesighoudende liggaam beskikbaar gestel is voordat die besluit geneem is waarteen geappelleer word nie; of

*(b)* die betrokke Sentrum of die toesighoudende liggaam, en by aanvoer van goeie gronde, toelaat dat verdere mondelinge en skriftelike getuienis ingehandig en in die oorkonde van die appèl opgeneem word.

(3C) Indien 'n appellant se bekendstelling van verdere mondelinge en skriftelike getuienis of feitelike dokumentasie kragtens subartikel (3B)*(a)* in die oorkonde van die appèl toegelaat word, moet die aangeleentheid aan die Sentrum of betrokke toesighoudende liggaam voorgelê word vir heroorweging.

(3D) Wanneer 'n appèl soos in subartikel (3C) beoog aan die Sentrum of 'n toesighoudende liggaam voorgelê word, word die appèl hangende die finale besluit van die Sentrum of die toesighoudende liggaam, uitgestel.

(3E) Indien, na die Sentrum of die betrokke toesighoudende liggaam 'n finale besluit soos in subartikel (3D) beoog, geneem het, die appellant voortgaan met die appèl deur skriftelike kennis aan die appèlraad te gee, moet die oorkonde die verdere toegelate deeglik getranskribeerde mondelinge getuienis, die skriftelike getuienis of feitelike inligting of dokumentasie en die verdere redes of dokumentasie deur die Sentrum of betrokke toesighoudende liggaam voorgelê, insluit.";

*(d)* deur in subartikel (4) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(4) **[Ondanks die bepalings van subartikel (3) kan die appèlraad]** Vir die doeleindes om verdere mondelinge getuienis ingevolge subartikel (3B) toe te laat, kan die appèlraad—";

*(e)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Die voorsitter van die appèlraad bepaal die reëls van die appèl en enige ander prosedureaangeleenthede wat op 'n appèl betrekking het.";

*(f)* deur die volgende subartikels na subartikel (6) in te voeg:

"(6A) Die voorsitter van die appèlraad bestuur die saaklas van die appèlraad en moet elke appèl aan 'n beregtingspaneel bestaande uit minstens drie lede van die appèlraad, toewys.

(6B) Die voorsitter van die appèlraad stel 'n voorsitter van 'n beregtingspaneel aan wat oor die verrigtinge van daardie paneel voorsit en daardie voorsitter het by 'n staking van stemme 'n beslissende stem."; en

*(g)* deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:

"(8) Die besluit van 'n meerderheid van die lede van **[die appèlraad]** 'n beregtingsraad is die besluit van **[daardie raad]** die appèlraad.".

**Substitution of section 46 of Act 38 of 2001**

**35.** The following section is hereby substituted for section 46 of the principal Act:

"**Failure to identify persons**

**46.** (1) An accountable institution that performs any act to give effect to a business relationship or single transaction in contravention of section 21(1) or (1A) **[is guilty of an offence]** is non-compliant and is subject to an administrative sanction.

(2) An accountable institution that concludes any transaction in contravention of section 21(2) **[is guilty of an offence]** is non-compliant and is subject to an administrative sanction.".

**Insertion of section 46A in Act 38 of 2001**

**36.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 46:

"**Failure to comply with duty in regard to customer due diligence**

**46A.** An accountable institution that fails to comply with the duty to perform additional due diligence measures in accordance with section 21A, 21B, 21C, 21D, 21E, 21F, 21G or 21H is non-compliant and is subject to an administrative sanction.".

**Substitution of section 47 of Act 38 of 2001**

**37.** The following section is hereby substituted for section 47 of the principal Act:

"**Failure to keep records**

**47.** An accountable institution that fails to—

*(a)* keep a record of information in terms of section 22(1), or 22A(1) or (2);

*(b)* keep such records in accordance with section 23 or **[section]** 24(1); or

*(c)* comply with the provisions of section 24(3),

**[is guilty of an offence]** is non-compliant and is subject to an administrative sanction.".

**Substitution of section 49 of Act 38 of 2001**

**38.** The following section is hereby substituted for section 49 of the principal Act:

"**49.** An accountable institution that fails to give assistance to a representative of the Centre in accordance with section **[26(5)]** 27A(5), is guilty of an offence.".

**Insertion of section 49A in Act 38 of 2001**

**39.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 49:

"**Contravention of prohibitions relating to persons and entities identified by Security Council of United Nations**

**49A.** Any person who contravenes a provision of section 26B is guilty of an offence.".

**Substitution of section 50 of Act 38 of 2001**

**40.** The following section is hereby substituted for section 50 of the principal Act:

"**Failure to advise Centre of client**

**50.** An accountable institution, reporting institution or person that is required to make a report in terms of section 29 that fails to inform the Centre in accordance with section 27, is guilty of an offence.".

**Vervanging van artikel 46 van Wet 38 van 2001**

**35.** Artikel 46 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Versuim om persone te identifiseer**

**46.** (1) 'n Verantwoordingspligtige instelling wat enige handeling uitvoer om uitvoering te gee aan 'n sakeverhouding of enkeltransaksie in stryd met artikel 21(1) of (1A), **[is aan 'n misdryf skuldig]** is nienakomend en is aan 'n administratiewe sanksie onderhewig.

(2) 'n Verantwoordingspligtige instelling wat enige transaksie sluit in stryd met artikel 21(2), **[is aan 'n misdryf skuldig]** is nienakomend en is aan 'n administratiewe sanksie onderhewig.''.

**Invoeging van artikel 46A in Wet 38 van 2001**

**36.** Die volgende artikel word hierby na artikel 46 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Versuim om plig in verband met klante-omsigtigheid na te kom**

**46A.** 'n Verantwoordingspligtige instelling wat versuim om die plig uit te voer om bykomende omsigtigheidsmaatreëls ooreenkomstig artikel 21A, 21B, 21C, 21D, 21E, 21F, 21G of 21H uit te voer, is nienakomend en is aan 'n administratiewe sanksie onderhewig.''.

**Vervanging van artikel 47 van Wet 38 van 2001**

**37.** Artikel 47 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Versuim om rekords te hou**

**47.** 'n Verantwoordingspligtige instelling wat versuim om—

*(a)* ingevolge artikel 22(1), of 22A(1) of (2) 'n rekord te hou van inligting;

*(b)* sodanige rekords ooreenkomstig artikel 23 of artikel 24(1) te hou; of

*(c)* die bepalings van artikel 24(3) na te kom,

**[is aan 'n misdryf skuldig]** is nienakomend en is aan 'n administratiewe sanksie onderhewig.''.

**Vervanging van artikel 49 van Wet 38 van 2001**

**38.** Artikel 49 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**49.** 'n Verantwoordingspligtige instelling wat versuim om ooreenkomstig artikel **[26(5)]** 27A(5) bystand aan 'n verteenwoordiger van die Sentrum te verleen, is aan 'n misdryf skuldig.''.

**Invoeging van artikel 49A in Wet 38 van 2001**

**39.** Die volgende artikel word hierby na artikel 49 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Oortreding van verbodbepalings oor persone en entiteite deur Veiligheidsraad van Verenigde Nasies geïdentifiseer**

**49A.** 'n Persoon wat 'n bepaling van artikel 26B oortree, is aan 'n misdryf skuldig.''.

**Vervanging van artikel 50 van Wet 38 van 2001**

**40.** Artikel 50 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Versuim om Sentrum oor kliënt in te lig**

**50.** 'n Verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon wat 'n verslag ingevolge artikel 29 moet doen wat versuim om die Sentrum ooreenkomstig artikel 27 in te lig, is aan 'n misdryf skuldig.''.

**Substitution of section 51 of Act 38 of 2001**

**41.** The following section is hereby substituted for section 51 of the principal Act:

"**Failure to report cash transactions**

**51.** (1) An accountable institution or reporting institution that fails, within the prescribed period, to report to the Centre the prescribed information in respect of a cash transaction in accordance with section 28, is guilty of an offence.

(2) An accountable institution or reporting institution that fails, within the prescribed period, to report to the Centre the prescribed information in respect of a cash transaction in accordance with section 28, is non-compliant and is subject to an administrative sanction.".

**Substitution of section 51A of Act 38 of 2001, as inserted by section 17 of Act 11 of 2008**

**42.** The following section is hereby substituted for section 51A of the principal Act:

"**Failure to report property associated with terrorist and related activities and financial sanctions pursuant to Resolutions of United Nations Security Council**

**51A.** (1) An accountable institution that has in its possession or under its control property owned or controlled by or on behalf of, or at the direction of an entity contemplated in section 28A(1), and that fails, within the prescribed period, to report that fact and the prescribed information in respect of such property to the Centre in accordance with that section, is guilty of an offence.

(2) An accountable institution that fails to comply with a direction by the Director in accordance with section 28A(2), is guilty of an offence.

(3) An accountable institution that fails to scrutinise the information as contemplated in section 28A(3), is guilty of an offence.

(4) An accountable institution that fails to—

*(a)* report to the Centre in accordance with section 28A(1), within the prescribed period, the prescribed information in respect of its possession or control of property owned or controlled by or on behalf of, or at the direction of an entity contemplated in that section;

*(b)* comply with a direction by the Director in accordance with section 28A(2); or

*(c)* scrutinise the information as contemplated in section 28A(3),

is non-compliant and is subject to an administrative sanction.".

**Substitution of section 56 of Act 38 of 2001**

**43.** The following section is hereby substituted for section 56 of the principal Act:

"**Failure to report electronic transfers**

**56.** (1) An accountable institution that fails to report to the Centre the prescribed information in respect of an electronic transfer of money in accordance with section 31, is guilty of an offence.

(2) An accountable institution that fails to report to the Centre the prescribed information in respect of an electronic transfer of money in accordance with section 31, is non-compliant and is subject to an administrative sanction.".

**Vervanging van artikel 51 van Wet 38 van 2001**

**41.** Artikel 51 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Versuim om kontanttransaksies te rapporteer**

**51.** (1) 'n Verantwoordingspligtige instelling of verslagdoeningsinstelling wat versuim om, binne die voorgeskrewe tydperk, die voorgeskrewe inligting ten opsigte van 'n kontanttransaksie ooreenkomstig artikel 28 aan die Sentrum te rapporteer, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) 'n Verantwoordingspligtige instelling of verslagdoeningsinstelling wat versuim om, binne die voorgeskrewe tydperk, die voorgeskrewe inligting ten opsigte van 'n kontanttransaksie ooreenkomstig artikel 28 aan die Sentrum te rapporteer, is nienakomend en is aan 'n administratiewe sanksie onderhewig.".

**Vervanging van artikel 51A van Wet 38 van 2001, soos ingevoeg deur artikel 17 van Wet 11 van 2008**

**42.** Artikel 51A van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Versuim om eiendom geassosieer met terroriste- en verwante aktiwiteite en finansiële sanksies na aanleiding van resolusies van Veiligheidsraad van Verenigde Nasies te rapporteer**

**51A.** (1) 'n Verantwoordingspligtige instelling wat eiendom in sy besit of beheer het wat besit of beheer word deur of ten behoewe van, of in opdrag van 'n entiteit in artikel 28A(1) beoog, en wat versuim om daardie feit en die voorgeskrewe inligting ten opsigte van die eiendom binne die voorgeskrewe tydperk ooreenkomstig daardie artikel aan die Sentrum te rapporteer, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) 'n Verantwoordingspligtige instelling wat versuim om aan 'n opdrag van die Direkteur ingevolge artikel 28A(2) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(3) 'n Verantwoordingspligtige instelling wat versuim om die inligting te bestudeer soos in artikel 28A(3) beoog, is aan 'n misdryf skuldig.

(4) 'n Rekenpligtige instelling wat versuim om—

*(a)* ingevolge artikel 28A(1) aan die Sentrum, binne die voorgeskrewe tydperk, die voorgeskrewe inligting ten opsigte van sy besit of beheer van eiendom besit deur of ten behoewe van, of in opdrag van 'n entiteit in daardie artikel beoog, te rapporteer;

*(b)* aan 'n opdrag van die Direkteur ooreenkomstig artikel 28A(2), te voldoen; of

*(c)* die inligting soos in artikel 28A(3) beoog, te bestudeer,

is nienakomend en is aan 'n administratiewe sanksie onderhewig.".

